

02:2002

MATIE LAND



LARRY SCULLY
Maestro




UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot•your knowledge partner

A single vision. Two minds.

A single ambition, if shared, can deliver the extraordinary.

We are pleased to support University of Stellenbosch, using our combined vision, passion, energy and skills to deliver results. For full details, contact Investec Asset Management on **(021) 416 2000** or visit www.investecfunds.co.za



Out of the Ordinary

 **Investec**
Asset Management

Voorblad: Larry Scully, voormalige hoof van die Departement Beeldende Kunste.

Front cover: Larry Scully, former Head of the Department of Fine Arts.
Foto/Photo: Adriaan Oosthuizen

Die Universiteit se oudstudente en donateurs ontvang *Matieland* gratis.
Matieland is mailed free of charge to the University's alumni and donors.

Redaksie/Editorial staff

Uitvoerende redakteur, Universiteitspublikasies / Executive Editor, University Publications:
Hans-Peter Bakker

Redakteur/Editor, *Matieland*: Douglas Davis

Redaksiekantoor

Bemarking & Kommunikasié, Privaatsak XI,
Matieland, 7602; tel: 021 808 4639;
faks: 021 808 3800; e-pos: dd@maties.sun.ac.za

Sirkulasie

Malena Fourie, Stellenbosch Stigting, Privaatsak XI,
Matieland, 7602; tel: 021 808 4843;
faks: 021 808 3026; e-pos: alumni@maties.sun.ac.za

Editorial Office

Marketing & Communication, Private Bag XI,
Matieland, 7602; tel: 021 808 4639;
fax: 021 808 3800; e-mail: dd@maties.sun.ac.za

Circulation

Malena Fourie, Stellenbosch Foundation, Private
Bag XI, *Matieland*, 7602; tel: 021 808 4843;
fax: 021 808 3026; e-mail: alumni@maties.sun.ac.za

Published since 1957
Jaargang 45 02 : 2002

ISSN 0025 5947

Published for *Matieland* by New Media Publishing

New Media Publishing


Managing editor: Helena Gavera
Design: Nicky van den Berg

Executive directors:

Naomi Herselman, John Psillos, Irma van Zyl
New business director: John Gower
Editorial director: Joan Kruger
Art director: Petro du Toit
Advertising manager: Maria Tiganis
Sales representative: Francois Plummer
Production manager: Lucrezia Wolfaardt

NMP, Box 440, Green Point 8051
Tel: 021 439 8252 Fax: 021 439 8277

Repro: Mega Digital
Printing: CTP



INHOUD/CONTENTS

OKTOBER/OCTOBER 2002

Allerlei/Miscellaneous

- 3** Van die redaksie
- 4** Briewe/Letters
- 36** In Memoriam
- 38** Divides of country and culture crossed
- 40** 'n Helse plesier

Mense/People

- 6** Simply art
- 14** Ons sal jou altyd onthou
- 20** Die skoongesig kitsheld

Innovasie/Innovation

- 10** Intellekturele eiendom
- 17** Tegnopark voorsien 'n wêreldmark
- 24** Die taal wat ons saamsnoer

Navorsing/Research

- 18** Bon aqua!
- 22** Stem cells hold the key to disease solutions
- 30** Rare vonds werp lig op Hugenote-erfenis

Eerbewyse/Tributes

- 26** 'n Tukkie word dekaan
- 27** Akademie vereer professore en raadslid
- 28** Uitsonderlike eer vir akademikus
- 29** Jong navorsers blink uit

Die Kunste/The Arts

- 34** Hubert du Plessis by mylaap 80
- 35** Konservatorium stel eie etiket bekend
- 36** Drama se jaar van opwinding

Sport

- 32** Judo gedy as Matiesport
- 33** Okkert is terug!



STUDENTE VERBLYF STELLENBOSCH

Die Intelligent Keuse

WAT Sê MENSE OOR ACADEMIA?



Studente sê:

Academia bied die beste van twee wêrelde deurdat dit privaatverblyf op kampus verskaf, en terselfdertyd 'n 'koshuis'-samehorigheid en -atmosfeer skep.

Die enkel fasilitate bied privaatheid wanneer dit verkies of benodig word.

Die gerief van 'n US-rekenaarnetwerkpunt by my lessenaar is 'n wonderlike voordeel.



Ouers sê:

Ons kind is veilig danksy die sekuriteitsbeamptes, toegangsbeheer en kringtelevisie.

Academia bied 'n aantreklike beleggingsgeleentheid om kwaliteit verblyf vir ons kinders in die toekoms te verseker.

Die personeel is baie toeganklik vir ons en ons kinders.

Die goed geïmplementeerde gedragskode bevorder 'n akademiese kultuur.



Die Internasionale Kantoor van die US sê:

Die bestuur en personeel is baie professioneel.

Die wyse waarop Academia hom beywer vir die algemene welstand en veiligheid van studente, gee ons volle gemoedsrus om internasionale studente hier te plaas.

Die kompleks is altyd skoon, netjies, volledig toegerus en die onderhoud is van hoogstaande gehalte.



Internasionale Studente sê:

Die fasilitate is goed toegerus, mooi en ruim.

Die personeel is baie toeganklik en behulpsaam.

Die US se studiekarakter wat Academia-verblyf insluit, is ander universiteite ver vooruit.

Die uitsig op die Stellenbosch berge vanuit die wooneenhede en vanaf die perseel is asemrowend en sal my altyd bybly.



Die Ontwikkelaar sê:

Ons is baie trots op Academia en hou dit graag as voorbeeld van ons ontwikkelings voor.

Academia is gevestig as voorkeur privaatverblyf by studente, ouers en die US.

As gevolg van die groot aanvraag ontwikkel ons 'n derde fase, gereed vir die 2003 akademiese jaar.


Skakel gerus met ons kantoor op die perseel, of besoek ons webtuiste vir verdere inligting, maar maak asseblief gou om teleurstelling te voorkom!

Navrae:

Tel (021) 887-1260

Epos: academia@syfin.co.za

Webtuiste: www.academia.co.za



DIE UNIVERSITEIT AS AKADEMIESE ENTREPRENEUR

Daar's 'n ou Chinese spreek wat lui: Mag jy in interessante tye lewe. As mens terugkyk oor die jaar 2002, wat einde se kant toe staan, was dit propvol interessante. Wie sou byvoorbeeld kon raai dat Maties ook 'n *idol* (bl. 20) kon oplewer? Of dat 'n Oudtukkie dekaan (bl.26) sou word? *Matieland* bring in hierdie uitgawe hulde aan drie van die grotes – Larry Scully (bl.6), wyle Mike de Vries (bl.14) en Hubert du Plessis (bl.36). Maar deur alles bly een ding rotsvas staan – 'n universiteit met 'n stewige akademiese onderbou en 'n gefokusde toekomsvisie.

In sy strategiese raamwerk sê die Universiteit duidelik dat hy as opvoedkundige inrigting daarna streef om "relevant te wees ten opsigte van die behoeftes van die gemeenskap... (om) ondernemend, innoverend en selfvernwend te wees", en, algemeen gesproke, "sy werk (te) verrig op 'n wyse wat meer relevant is vir die werklikhede en behoeftes van die streek, land en kontinent, asook in wêrelدverband".

Dit word ook uitgespel dat die begrip 'gemeenskap' die sakewereld en nywerheid insluit. Dit beteken dat die Universiteit hom verbind tot dienslewering deur sy intellektuele kapitaal nuttig aan te wend vir ekonomiese ontwikkeling en die skep van werkgeleenthede en welvaart vir die land as geheel.

Die begrip 'intellektuele eiendom' omsluit sowel die kundighede en vaardighede van sy personeel en studente, as die intellektuele eiendom – patente, oueursregwerke, ontwerpe – wat intellektuele aktiwiteite, en dus navorsingswerk, oplewer.

Hierdie benadering impliseer primêr 'n verantwoordelikhedsfunksie. Die moderne universiteit neem dus die verantwoordelikheid op homself in die uitbou van 'n 'derde geldstroom', dit wil sê befondsing uit ander bronne as studentegelde en staatsubsidies.

Om hierdie nuwe benadering tot akademiese entrepreneurskap te laat slaag het die Universiteit in 1998 'n Kantoor vir Intellektuele Eiendom (KIE) gestig en 'n omvattende beleid hieroor goedgekeur. Die

beleid vestig eienaarskap van intellektuele eiendom in die Universiteit, en uitvinders (sowel personeel as studente) deel in die tantième-inkomste.

Tans kan met vrymoedigheid gesê word dat die Universiteit in hierdie verband 'n leiersposisie onder hoëonderwysinrigtings in Suid-Afrika beklee. Die Kantoor vir Intellektuele Eiendom is etlike kere van owerheidskant versoek om werkseminare aan hoëonderwysinrigtings, veral in die voorheen benadeelde omgewing, aan te bied om hulle te help om die selfde roete te volg.

'n Onlangse deurbraak is 'n afwentelmaatskappy, Vulamanz, wat gestig is in samewerking met personeel van 'n technikon in KwaZulu-Natal.

Dit alles word met groot sorg deur die Universiteit gedoen sonder om sy primêre funksies ten opsigte van onderrig en navorsing te versteur, maar inderdaad ter ondersteuning daarvan. En ofskoon die vloei van die 'derde geldstroom' uit die kommersialisering van intellektuele eiendom 'n langtermynprojek is, is die aanduidings reeds in hierdie vroeë stadium dat die Universiteit as baanbreker ook op dié terrein op die regte pad is en veel het om op trots te wees. ■



MATIELAND ALTYD

'N VREUGDE

Dis altyd 'n vreugde om *Matieland* in my posbus te vind! Die inhoud en aanbieding is vir my iets besonders en spreek van toewyding en ywer van die redaksie. Ek lees alles van voorblad tot agterblad, want dan voel dit asof jy weer terug is op die kampus. Baie geluk met 'n puik tydskrif! Dit laat mens weer eens trots voel dat jy 'n Oudmatie is!

■ JWJ Joubert, Zuurfontein

HEARTY CONGRATULATIONS!

I remember the 'greats' of my student years at Stellenbosch (1948-1952). Enrolled to study BSc, I naturally developed hero worship for my lecturers: Grawie Cillie (Maths), Eppie Stegmann (Maths), Krit Kritzinger (Chemistry), Piet Zeman (Physics), Matie Taljaard (Geology) and Willem Brink (Geology). They were all exceptionally gifted men.

Reading through the latest edition of *Matieland*, I stand amazed at the level of academic achievement in the various disciplines mentioned. It does all people associated with Stellenbosch University proud to know that academic work of such outstanding level is being achieved and that this is happening in South Africa. This must give all readers of *Matieland* great hope for the future. Your publication *Matieland* 1:2002 is the best I have seen. I congratulate all concerned. It has given me new

hope for our country.

(Please inform Prof Elize Linde (Botha) that I admired her bicycle with the 'flat' tires during my days at Stellenbosch. It goes without saying, also the rider!)

■ PE Rademeyer, Louis Trichardt

DIE 'HELMET' IS 'N DUBBELDOOR


Ek land as eerstejaar op Stellenbosch en neem my intrek in Dagbreek. Van die bykans 400 inwoners, was net sewe die eienaars van motors. Fietse, sambrele en reënjasse was algemene studentetoerusting. Dié wat nie 'n motor het nie, voel nie uit nie.

Geleidelik verander die aansig van die kampus. Meer studentemotors,

motorfietse en bromponies verskyn. Twee rygoed word besonder populêr – die Kewer en die Vespa. Oor hulle kon ek net droom, want beide was buite my bereik. Die jare het egter heel voorspoedig verloop; afgestudeer, betrekking aanvaar, vrou gevat en 'n groot wens waar gemaak – ek was die baas van my eie Kewer. Daar was egter 'n ander droom... dat die Vespa nooit vir my beskore sou wees nie. Maar ek was verkeerd.

Kinders begin klaar maak op skool en moet oor vervoer beskik. Meteens gaan daar 'n groot lig vir my op. "My kind, ons is net te ver van die kampus af. Jy sal vervoer moet kry. Pa sal later aan 'n karretjie dink, maar ons moet vir eers iets anders oorweeg."

Die 'helmet' is 'n dubbeldoor



"Ja, Pa. Ek sien baie van die meisiekinders ry op sulke mooi klein motorfietseis."

So gemaak. En een Vrydag lewer hulle die Vespa af. Hy lyk net soos ek nog onthou. Sussie het so 'n paar keer op en af in die straat gery en heel goed reggekom.

Die Saterdagoggend is ek soos 'n kind om die Vespa. Veertig jaar wag ek vir dié oomblik. Ek wag dat my huismense binne is. Ek sit Sussie se valhelm op, klim op en laat waai die straat af. Die gevoel van saligheid is onbeskryflik. Toe ek my weer kom kry, is ek in die dorp en hou op die sypaadjie stil. En net daar gebeur 'n ding wat my droom versuur.

Ek is kaalhoofdig, pankop in al sy glorie. Soos die ongeluk dit wou hè, kom stap so 'n mislike jong studenteklong met sy ou meisietjie verby net toe ek die geel valhelm afhaal.

Die meisiekind verkneuter haar oor sy gevatte opmerking en vir my ruk hy wreed terug in die werklikheid in: "Kyk die oom het twee helmette op!"

■ *Tex de Swardt, Somerset-Wes*

MATIELAND ON SINGAPORE AIRLINES

My fiancé and I flew to Bali on Singapore Airlines recently, and I was gobsmacked to discover a copy of *Matieland* in one of the discarded magazine racks on our plane! Since my copy hasn't got to me yet for some reason or other, I had a good read on the plane before returning the mag to the rack so that the next ex-Matie passenger can share my amazement. What a bizarre experience, though! Sadly, I had to race about so much during the recent Ukkasie in London that I unfortunately didn't manage to make it to the alumni drinks reception there.

There seemed to be plenty of people buzzing about at their "stalletjie".

■ *Theresa Biberauer, Cambridge*
(Theresa Biberauer was the recipient of the Chancellor's Medal in 1996 and has since been studying at Cambridge. She completed her MPhil there and hopes to obtain a PhD from Cambridge soon – Editor)



BTKaners vier 75


Aanstaande jaar is die Berg- en Toerklub (BTK) 75 jaar oud en dié belangrike mylpaal word in die Paasnaweek (18 tot 21 April 2003) feestelik herdenk – die verrytinge gaan op die plaas Kunje (30 km van Citrusdal en 200 km van Stellenbosch) in die suidelike Sederberge plaasvind. Daar word voorstiening gemaak vir 350 mense. "Ons beplan 'n feesnaweek in die BTK-styl met enkele moderne aanpassings," sê hooforganiseerde, Maretha Steinmann, van Stellenbosch. Benewens Kunje is daar ook op omliggende plase huisvesting beskikbaar. 'n Lys van gastehuise en kamers sal verskaf word. Daar sal beperkte staanplek vir woonwaens wees. Inskrywings vir die reünie het op 29 September geopen.

- **Voorkom teleurstelling deur te skryf aan BTK 75-reünie, Posbus 3522, Matieland 7602. Die e-posadres is btk75@sun.ac.za en die telefoonnummers (021) 887-5306 en (021) 886-6043.**

Ons soek na...

Die Afdeling Bemarking en Kommunikasie (B&K) wil graag met die oog op die jaarlike vergadering van die Konvokasie, wat vanjaar op 16 November plaasvind, verneem van oudstudente wat uitsonderlik presteer het. Indien jy dus weet van Oudmaties wat onlangs belangrike toekennings ontvang het of in topposte aangestel is, laat gerus vir Mariana Vermeulen van B&K weet by (021) 808-4643 of stuur 'n faks na (021) 808-3800.

Die e-posadres is mjv@sun.ac.za



SIMPLY ART

Anything can happen, and everything forms part of the whole. I come across this fragment of thinking, some days after interviewing Scully, in an earlier, translated account of one of his vivifying "happenings", the multiple-image slide-and-sound performances which have been the transient moments of a creative life that has left in other durable forms a rich and varied oeuvre.

That anything can happen, yet form part of the whole, suggests itself as a metaphor for the man and artist.

It has had literal meaning, too, both precarious and comic. At one showing, a slide of St Peter's in Rome got mixed up with images of the Namib. Scully didn't miss a beat: "I always wanted to bring St Peter's to the Namib," he improvised wittily.

On another occasion, one of his five, ageing projectors caught fire, a fleeting if demanding moment all its own, but entirely in keeping with the ephemeral play of light.

By its nature, submitting to trial allows that "anything can happen".

Each "happening" is a once-only affair. After about nine months compiling the approximately 1 000 slides (chosen from many thousands) Scully manipulates the images to the rhythm of prepared music before the audience

A Larry Scully retrospective at the year's end will trace the creative journeying of an artist and teacher who, at 80, remains freshly engaged in the sensual project. Michael Morris spoke to Stellenbosch University's former head of the Department of Fine Arts.

"which participates in the creative responses occurring at that moment, regardless of all energy expended in its preparation", as he describes it. There is no rehearsal, and each performance is unique. Accounts of his slide shows often borrow from the language of fable - "nimble giant", commonly - to express the contradictory elements of his extraordinary tallness and his agile handling of slides and capricious apparatus.

One reads these with a slight sense of deprivation because he is now more ponderous, careful, physically. Yet there's a distinct agility of temperament, a lightness, a willingness to see. There's none of the lofty imperiousness tall people often helplessly project, but with his stature - 2,03 metres, no less - comes an alertness, a way of perhaps seeing more, seeing beyond.

Laurence Vincent Scully was born in 1922 at Gibraltar, where his father was serving in the British Army. His early youth in England was much shaped, inspirationally, by his South African mother's longing for Africa. "I was fascinated," he recalls. "For me, it grew into the promised land."


It was to be the theme of much of his early work.

His later multiple-image shows seem also to converge with an early fascination for the cinema, though Scully acknowledges that "it's difficult to know where things begin. I never consciously wanted to make movies, but I see it's something I could have done."

When, in 1938, the family settled in South Africa, Scully's first spell of art training in Pretoria under Le Roux Smith Le Roux was shortlived. Most of the next decade of his life was determined by the outbreak of war: his father signed him up in the armed services for seven years. At the end of it, after finishing his matric at night school in his last year in the services, the already well-read 25-year-old, who had also developed a profound interest in music, enrolled in fine arts at Wits in 1947.

"I landed in an extraordinary group," he remembers. Among his fellow students were six who, as critic Rose Korber describes them, "were destined for great things" - Cecil Skotnes, Christo Coetzee, Nel Erasmus, Gordon Vorster, Anna Vorster and Esmé Berman.

On graduating in 1950, Scully completed a teachers' diploma and embarked on an almost unbroken career in education.



Esmé Berman, whose later voluminous *Art and Artists of South Africa* would establish her as one of the foremost authorities, says Scully's "activity as a painter did not pursue as consistent and serene a pattern" (as his teaching).

"During the fifties," she writes, "he was restless of spirit and undecided as to stylistic direction."

The early recurrent themes of still-life studies in stark contrasts of light and dark, allegorical tribal material and landscapes - which sprang from his early conception of South Africa as a promised land - would eventually give way to increasing abstraction and new forms.

In part, Berman ascribes his early "irresolution" to the powerful influence of his friend Walter Battiss. (A portion of the work for which Scully was awarded an MA cum laude from Pretoria University in 1963 was a dissertation



on Battiss.)

Battiss was teaching at Pretoria Boys' High when, in 1951, he was commissioned to direct the art for the next year's Van Riebeeck Festival in Cape Town. The school approached Scully to stand in for him. He loved it, and was gratified to be recalled after Battiss's return in 1952. The two men worked together until Battiss moved on, and Scully remained there for 15 years.

He was painting all the while, and exhibiting in group shows, including a joint exhibition with Skotnes in Johannesburg in 1954. His interest in combining art with performance had its precursors in this period: he turned material from a study tour of Europe in 1957 into a talk called *Journey Through Italy*, to which he added sound, and he also became intensively involved in directing stage performances, with music, of Macbeth and Julius Caesar.

But it was not until 1962, aged 39, that Scully had his first solo exhibition. A year later, his painting *Malut-senyane* – inspired by a six-week journey on horseback through the Maluti mountains of Lesotho with historian TV Bulpin in 1946 – was selected for the São Paulo Biennale.

It was Scully's second Johannesburg exhibition in 1965 that, according to Berman, showed he had "matured into a painter of authority and vision; his canvases had grown considerably in scale and his compositions had been purified of all irrelevant notation."

In the same year he was honoured by a prestige exhibition at the Pretoria Art Museum and won the Oppenheimer award – for *Sea Light*, now in the South African National Gallery – at the Art South Africa Today exhibition. In the next two years, he would represent South Africa at the Venice Biennale, and for the second time, with no fewer than eight paintings, at the São Paulo Biennale. Mounting critical acclaim in the mid-1960s was matched by a new, vivid inspiration following his move to Johannesburg in 1966 to head the art department at the Johannesburg

College of Education.

The downtown metropolis he viewed from his Hillbrow office was a revelation of industry and form, an agglomeration animated by growth and prosperity.

He relished the energy, the new shapes, the intriguing light, and it deeply influenced the conception and scale of his new work.

The high point of his "city series" is held to be the commissioned mural, *Cityscape* (1971), in the vestibule of the Dudley Heights apartment building in Hillbrow. He had a vision, then, of a city "full of art". His contribution to the vision – apart from other large-scale works in the city, and the *Astral City* series at Johannesburg International Airport, included the poignant *Madonna and Child of Soweto*, commissioned by *The Star* in 1973 and installed in Soweto's landmark Regina Mundi church. It had a prophetic quality: the focal point is the child's right hand, forming a victory sign.


Throughout, he has been impelled less by the political vicissitudes of his "promised land" – or programmatic responses to it – than by a more subjective exploration of the "spirit of place".

There's an air of detached wonder in his vision of the earth as "a spot in space", an incomprehensibility that allows both humility and celebration, "an acceptance of life, and a recognition of the mystery".

From his fascination for the urban setting arose his interest in slide photography that, later in the 1970s, after his move from the Johannesburg College of Education (where he was head of the Department of Fine Arts) to head the Department of Fine Arts at Stellenbosch in 1976, led to his acclaimed multiple-image performances.

Memorable "happenings" include *London-New York* (1978), *To Stellenbosch with Love* (1979), *For Cape Town With Love* (1981) and *Paris in Particular* (1987).

Each performance lasted up to 90 minutes, with some 1 000 slides shown through five projectors and rhythmi-



cally synchronised with taped music as diverse as Samuel Barber and Deodato, Gershwin and Respighi. Each performance was, he said, "like making a painting".

Towards the end of the 1970s, he reached another cusp. Yet, though his first exhibition of photographic prints was applauded, he was dissatisfied with the results.

"I didn't like them when I saw them mounted, and I took out a pen and started drawing! That's when my photodrawings were born." A year later, his three-part photodrawing *Xhosa Triptych* was awarded the photography prize by renowned English critic and poet Edward Lucie-Smith at the Republic Festival in Durban, prompting some "murmuring" among orthodox photographers, as Berman notes.

But it was a new form, and it excited Scully – and with justification: in 1982, his photodrawing *Xhosa Initiate with a Transistor Radio* was acquired by the San Francisco Museum of Modern Art.

Some judge his greatest work to be the *Music Murals* he created in 1978 for Stellenbosch University's Conservatoire. The commission thrilled him, he said later, for combining his love of music and his feel for working on a big scale.


And it is before the huge, soaring, almost numinous forms – inspired by the curvaceous lines of the mandoline – that I meet Scully to talk about his life's work.

He seems newly entranced in the presence of his visual fugue, though regretting what he feels are disenchanting conditions... the distracting slashes of sunlight, the absence of an enlivening concert-going crowd.

Turning slowly, he reappraises the masterworks. At one point, he fixes a critical eye on a circular element far across the cavernous space, and surprises me by declaring that he "feels it is unfinished". I imagine, aloud, the potential difficulty of re-engaging with the work.

"No, no," he demurs, signalling unconsciously that the risk of pretension is mine.

"I'll just come up here with a brush and some white paint. It's as simple as that."



INTELLEKTUELLE EIENDOM – die versteekte skat

In minder as 200 jaar het ons wêreld van landbougebaseerd tot industrieel gevorder, en vandag leef ons in die era van inligtingstegnologie. Waar grond en arbeid eienskappe van die landbouera was, is die intellek die spil waarom dit deesdae draai. Deur Jacques Stofberg

Inellektuele eiendom vorm die hooffaktor in die kennisgedrewe era en is die sentrale bron vir die skepping van rykdom in bykans alle industrieë. Om die volle omvang en waarde daarvan te ontsluit, moet universiteite as skeppers van nuwe kennis in 'n gemeenskap wesenlike denkskuwe maak.

Kennis in ondernemings het twee fundamentele eienskappe – dit betrek mense en hierdie mense tree gewoonlik in groepe op. Die vermoë van mense om van mekaar te leer, is die hart van individuele en organisatoriese sukses in die nuwe kennis-ekonomiese van die toekoms. Hoewel dit 'n integrale deel van intellektuele kapitaal is, verwys intellektuele eiendom na ontasbare bates wat wetlik beskerm kan word. Beskerming kan op verskeie wyses plaasvind en sluit patente, oueursreg, handelsmerke, planttellersregte, geregistreerde ontwerpe en handelsgeheime in.

Daar word na intellektuele eiendom verwys as die versteekte skatte van besighede vandag. Gedurende die laaste dekade het die waarde toegedeel aan intellektuele eiendom in byvoorbeeld

samesmeltings en verkrygings van maatskappye, wesenlik toegeneem en is dit dikwels meer as 50 persent van die waarde van 'n besigheid. Die ontgunning van intellektuele eiendom kan groot winste teweegbring vir hul regmatige eienaars. Goeie voorbeeld hiervan is Coca Cola of McDonalds – hoe sou hulle winste geaffekteer word indien hulle nie meer hul handelsmerke en beeld kan gebruik nie? Mense soos die miljoenêr Paul Getty (olie) of Henry Ford (motors) was dekades gelede die rykste mense in die wêreld. Teen die einde van die negentigerjare het die lys van rykste egter name soos Bill Gates, Paul McCartney en Andrew Lloyd Webber ingesluit, wie se rykdom gebaseer is op oueursreg van sagteware en musikale komposisies.

Daar kan min twyfel wees dat intellektuele eiendom in die nuwe millennium sal toeneem in waarde. Die blote besit en toegang tot industriële kapasiteit is nie genoeg om volhoubare groei en ekonomiese voorspoed te verseker nie. Ten spyte van die belangrikheid van intellektuele eiendom, is daar selde 'n spesiale strategie vir die

ontgunning of 'n belegging in ontasbare bates. In teenstelling hiermee spandeer die gemiddelde maatskappy groot bedrae tyd en geld aan tasbare bates (van minder waarde). Topbestuur behoort te fokus op en 'n strategie te ontwikkel vir die effektiewe bestuur van intellektuele eiendom. Suksesvolle organisasies van die nuwe eeu sal nie slegs kan vertrou op die vorige drywers van ekonomiese groei soos arbeid, kapitaal en vaste eiendom nie, maar hulle sal hierdie tasbare bates moet aanvul met die effektiewe bestuur en ontwikkeling van hul (onttasbare) intellektuele eiendom.

Universiteite lever toenemend 'n bydrae wat die vloei van inligting en kennis bevorder en sodoende die proses van tegnologiese vernuwing voed. Hulle word nou gesien as rolspelers in ekonomiese ontwikkeling binne die huidige tendens van globalisasie en groei in die kenniseconomie. Stede soos Cambridge, Oxford, Massachusetts en Palo Alto, California, sien gereeld nuwe maatskappye en werkgeleenthede wat voortspruit uit universiteite in hul gemeenskappe. Die uitdaging is om navor-

singsuitsette te kombineer met beskikbare kundigheid ten einde nuwe besighede te vestig.

Verskeie universiteite in ontwikkelde lande het goed gevestigde tegnologieoordragkantore. Hierdie kantore is gewoonlik belas met die beveiliging en oordrag van die universiteit se intellektuele eiendom op 'n gepaste en doeltreffende wyse.


Dié doelwitte word bereik deur:

- bestuur te verskaf van intellektuele eiendom en tegnologieoordrag in ooreenstemming met die amptelike beleid van die universiteit;
- bystand te verleen aan departemente en navorsingseenhede in die vestiging en behoud van effektiewe tegnologieoordragmeganismes;
- die verskaffing van regs- en rekenkundige dienste in die beskerming, bevordering en lisensiëring van intellektuele eiendom wat gesamentlik besit word deur die universiteit en die betrokke uitvinder(s);
- tegnologieoordrag te bewerkstelling na kommersiële instansies buite die universiteit; en
- die neerlegging van prosedures en beleid ten einde konflik van belang van universiteitspersoneel te vermy.

Die waarde van intellektuele eiendom is vervat in die vermoë om 'n kompetenterende voordeel te bewerkstellig vir die eienaar daarvan eerder as in die intrinsiese waarde. Die vermoë en kundigheid om intellektuele eiendom te waardeer en te ontsluit deur middel van oordrag in 'n kommersiële toepassing en dan die intellektuele eiendom te bemark as die basis van 'n besigheidsaktiwiteit wat waarde toevoeg, is almal belangrike faktore wat tegnologieoordrag ondersteun. Terwyl universiteite in Suid-Afrika wesenlike intellektuele eiendom voortbring, word

die potensiaal daarvan nog nie ten volle ontsluit nie vanweë 'n gebrek aan doeltreffende oordragmeganismes.

Die Universiteit van Stellenbosch het reeds ver gevorder met die proses van tegnologieoordrag deur middel van lisensiëringsooreenkoms en die stigting van afwentelmaatskappye (via



Die waarde van intellektuele eiendom is vervat in die vermoë om 'n kompetenterende voordeel te bewerkstellig

Unistel Groep Beherend (Edms) Bpk) in samewerking met die Kantoor vir Intellektuele Eiendom (KIE). In die afgelope 30 maande is ses maatskappye gestig met 'n gesamentlike jaarlikse omset van ongeveer R75 miljoen. Hierdie maatskappye het altesaam 138 nuwe werksgeleenthede geskep. Onderhandelings word tans gevoer vir die stigting van nog drie afwentelmaatskappye vanjaar.

ENTREPRENEURSKAP SLEUTEL TOT SUKSES

Van DNA-toetse vir oorerlike genetiese afwykings tot mikrosatelliete, van binnebrandenjinontwikkeling tot opleidingskursusse in openbare bestuur is alles kundigheid en intellektuele eiendom wat deur personeel en studente van die Universiteit van Stellenbosch beskikbaar gestel is en kommersieel aangewend word in delegaatmaatskappye binne die Unistel-groep.

Unistel Groep Beherend (Edms) Bpk (UGB) is 'n maatskappy wat ten volle deur die Universiteit van Stellenbosch besit word en waarin die Universiteit aandele hou. Die aandeelhouding wissel van enkele persentasiepunte tot tussen 50% en 100% in die geval van filialmaatskappye. Personeel en studente wat die betrokke intellektuele eiendom geskep het, besit self aandele in die maatskappy.

Die kommersialisering van intellektuele eiendom van die Universiteit geskied in sommige gevalle deur middel van lisensieooreenkomste. 'n Voorbeeld hiervan is die Vin 13-wyngis, die patent wat deur die Universiteit gehou word. Deur middel van 'n lisensie-ooreenkoms met die onderneming Anchor Yeast word dit kommersieel bedryf.

Tans bestaan daar vyf geassosieerde en twee filialmaatskappye binne die Unistel-groep. Die groep word bestuur deur Christo Viljoen, voormalige viserekotorbedryf en gewese direkteur van die Kantoor vir Intellektuele Eiendom, en het bekende Oudmatiesakemanne as direkteure soos Desmond Smith (voorsitter van die Universiteitsraad), GT Ferriera (Rand Aksepbank) en Dillie Malherbe (VenFin). Ander direkteure is Chris Brink (rektor en visekanselier), Stefanus Loubser (Nagraadse Bestuurskool) en Nico Basson (hoofdirekteur: finansies en dienste).

UNISTEL GENEESKUNDIGE LABORATORIUMS

Unistel Geneeskundige Laboratoriums (Edms) Bpk was die eerste van die delegaatmaatskappye binne Unistel. Dit is gesetel op die Tygerberg-kampus met dr Munro Marx as besturende direkteur. Afgesien van DNA-toetse vir die identifisering van oorerlike siektes, is die maatskappy ook betrokke by vaderskaptoetse vir sowel mense as diere. 'n Kontrak is onlangs deur 'n stoet-beestelersvereniging in Brittanje aan Unistel Geneeskundige Laboratoriums toegeken vir alle vaderskaptoetse en dit het plaaslik soortgelyke kontrakte met die stoetelersbedryf van verskeie diersoorte, waaronder perde, honde en bokke, tot gevolg gehad.

STELLENBOSCH AUTOMOTIVE ENGINEERING

Stellenbosch Automotive Engineering (Edms) Bpk, wat handel dryf as die Sentrum vir Outomobielingenieurswese (CAE), het ontstaan uit die Sentrum vir Voertuigaandrywing van die Departement Meganiese Ingenieurswese. Die besturende direkteur is dr Andrew Taylor, en die maatskappy bedryf sy aktiwiteite op sowel die Stellenbosch-kampus as in Atlantis.

Die onderneming is betrokke by ontwikkeling, ontwerp en toetsing vir die outomobielnywerheid op die gebied van binnebrandenjins. Sy kliënte sluit in voertuigvervaardigers, brandstofmaatskappye en firmas wat smeermiddels voorsien.



SUNSPACE

Sun Space & Information Systems (Edms) Bpk (SSIS) spruit uit die ontwikkeling van die Sunsat-mikrosatelliet in die Elektroniese Stelsel-laboratorium van die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese.

SSIS fokus op die ontwerp en ontwikkeling van hoëwerkverrigting-mikrosatelliete en het kliënte wêreldwyd. Die hoofbestuurder is dr Danie du Toit. Baanbrekers vir die oprigting van SSIS is vier gewese en huidige professore van die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese, proff Arnold Schoonwinkel, Jan du Plessis, Garth Milne en Sias Mostert.

UNISTEL TEKNIOLOGIE

Unistel Tegnologie (Edms) Bpk is nie 'n delegaatmaatskappy in die gewone sin van die woord nie, maar die mekanisme waardeur die Kantoor vir Intellektuele Eiendom innovasieprojekte bedryf tot tyd en wyl dit in 'n afsonderlike delegaatmaatskappy omgesit kan word. Die besturende direkteur van hierdie volfiliaal is mnrr Gerard Verhoef. Unistel Tegnologie is veral betrokke by die kommersialisering van tegnologie wat spruit uit die Hysucat- en Hysuwac-patente vir onderwatervleuels.

SEDATION MEDICAL SERVICES

Sedation Medical Services (Edms) Bpk (SMS) is een van die jongste delegaat-



maatskappye binne Unistel. Dié onderneming bevorder die gebruik van sedasietegnieke wat toelaat dat sommige snykundige procedures met die minimum ongerief en weinig, indien enige, nagevolge uitgevoer kan word. Die meeste pasiënte kan binne 'n uur na die toediening van 'n sedasietegniek huis toe gaan. Sedasietegnieke hou die belofte in van aansienlike kostbesparings vir mediese versekeringsmaatskappye.

Dié maatskappye spruit voort uit kundigheid en aktiwiteite in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, bied oplei-

dingskursusse aan praktiserende geneeshere en is betrokke by die verspreiding van middels wat vir die tegnieke benodig word. Die besturende direkteur is Gerard Sevenster.

UNISTEL CONSULTUS

Unistel Consultus (Edms) Bpk is een van die jongste maatskappye in die Unistel-groep. Die maatskappye bied konsultasiedienste en nie-akademiese kursusse in openbare bestuur aan en het ontwikkel uit aktiwiteite van die Skool vir Openbare Bestuur op die Bellvillepark-kampus van die Universiteit onder leiding van prof Erwin Schwella.

VULAMANZ

Vulamanz Membraantegnologie (Edms) Bpk is gebaseer op ultrafiltrasiemembrane wat ontwikkel is in 'n navorsingsprogram onder leiding van dr Ed Jacobs in die Afdeling Polimeerwetenskap van die Departement Chemie.

Die maatskappye fokus op die voorsiening van skoon drinkwater deur van ultrafiltrasiemembrane gebruik te maak en hou die

belofte in om 'n belangrike bydrae te lewer tot die regering se doelwit om skoon drinkwater aan alle inwoners van Suid-Afrika, en veral ook in afgeleë plattelandse gebiede, te voorsien.

ANDER AKTIWITEITE

Ander kommersialiseringaktiwiteite van die Universiteit se intellektuele eiendom sal na verwagting in die nabije toekoms deur afsonderlike maatskappye benut word. Dit sluit in akwakultuur, en veral forel- en tilapiavarswatervisboerdery asook siervisse in. Hiervoor is 'n gesamentlike onderneming met die firma Q-Koi gesluit. EquipU4 is nog 'n gesamentlike onderneming van Unistel vir die kommersialisering van 'n CD-gebaseerde kursus vir die ontwikkeling van denk- en studievaardighede by leerders en studente.

Meer besonderhede oor die Unistel-groep van maatskappye se aktiwiteite kan op die groep se webwerf www.unistel.com gesien word.

LearnWell maak 'n verskil op vele terreine

Skokkende uitsaksyfers onder eerstejaars aan universiteite is aan die orde van die dag en kommer heers oor die groot getalle leerders wat voor hulle graad 12 bereik, uitsak. Die multimedia leer- en denkvaardighedsprogram, LearnWell, bied in dié verband 'n welkome uitkoms.

LearnWell is deur dr Ludolph Botha, prof Charl Cilliers en dr Alten du Plessis ontwikkel en help leerders en studente met selfvaardighede, studie- en denkvaardighede, eksamen- en toetsvaardighede asook toepassingsvaardighede. Dit begin by selfkennis. Baie mense is geneig om hulself gering te skat en te twyfel aan hulle studie- en denkvermoë. In die eerste komponent, SelfWell, word die gebruiker op 'n besondere wyse oortuig van sy/haar eie vermoë, die wonder van die brein en die krag van motivering.

In die daaropvolgende komponente (ThinkWell en StudyWell) word gekyk na denkvaardighede en studievaardighede. Die integrasie van vaardighede is ook van die uiterste belang. Die gebruiker word gehelp

om die verworwe vaardighede in gesimuleerde situasies toe te pas. Daar word ook aandag geskenk aan toets- en eksamenvaardighede.

Die program neem die gebruiker se interaksie en stoor dit, versaf terugvoer daarop en deur kort vraag-en-antwoord-modules help dit elke gebruiker om sy/haar vordering te bepaal. Met die speletjie (Quest) oefen die gebruiker hierdie vaardighede al spelende binne die konteks. Netwerkweergawes van LearnWell maak dit vir 'n instansie se faciliteerde moontlik om elke leerder se benutting van LearnWell te monitor. Dit kan dan statisties met daardie leerder se akademiese prestasie in verband gebring word en ingespan word om hulp aan te beveel. LearnWell word reeds wyd ingespan. Minstens 400 Maties gebruik dit gereeld asook verskeie hoërskole, kolleges, technikons, universiteite asook die korporatiewe sektor, soos Barloworld, SAS SA en Leadership In International Management in Hong Kong.

Ons sal jou altyd onthou



Vele fasette: Mike de Vries as jong professor en in sy rol as rektor saam met onder ander, FW de Klerk, Jan van der Horst, Dok Craven en Magnus Malan.

Prof Mike de Vries, vyfde rektor van die Universiteit is op 5 Julie in die ouderdom van 69 op Stellenbosch oorlede. Sy dogter, Terry de Vries, bring hulde aan haar pa...

Ek onthou die wind wat deur my gesig waai. Ek sit voor op my pa se fiets. En ons is laatmiddag op pad na die De Beersgebou sodat hy 'n klomp goed op die enorme swartbord kan skryf vir sy klas die volgende dag.

Ek onthou die reuk van die gebou, amper soos 'n hospitaal; net baie interessanter. Misterieus. Asof daar 'n geheim in opgesluit lê. En die duisende trappe wat ek op- en afgehardloop het met net my skoenklakeggo's rondom my.

Maar die klaskamer was die beste. Dit was *magic*. Ellelange houtbanke het in 'n halfmaanvorm van onder tot heel bo teen die dak gestrek. Amper soos 'n amfiteater. Met my pa as eenmanakteur.

Jare later toe my pa al rektor was en ek 'n landboustudent, het ek in die einste klaskamer (nou die MJ de Vries-saal) Biochemie gehad. Die reuk het nog steeds in die gebou gehang. En die klaskamer was nog net soos ek dit onthou het met die houtbanke wat tot bo teen die plafon strek. (Dit is intussen verander.)

Ek wonder vandag of dit nie van my pa se gelukkigste tye in sy lewe was nie. Om klas te gee. En navorsing te doen. Hy had 'n fenomenale brein en het elke liewe student op sy naam geken. Een keer toe ek hom vra wat hy anders sou doen as hy sy lewe weer oorgehad het, het hy 'n ruk gedink en diplomatis gesê 'n mens moenie langer as tien jaar in


administrasie werk nie! (Hy was 18 jaar daar.) En as naskrif sê hy hy sou miskien langer in chemie wou gebly het.

Maar die analitiese denke wat die natuurwetenskappe hom geleer het, het hom in sy werk as rektor en direksieliid van verskeie maatskappye liefelik en onmisbaar gemaak. Net nou die dag loop ek 'n oud-SR-voorsitter in die strate van Stellenbosch raak en hy vertel my hoe 'n groot indruk my pa op hom gemaak het, juis omdat hy 'n moeilike, uitgerekte vergadering binne 'n paar minute kon ope som en die kern kon weergee.

Ek onthou die aande wat my pa in sy studeerkamer gesit het, besig om dik notules deur te werk vir die volgende dag se direksievergadering (en dit was divers; nadat hy afgetree het van Boland Bank en Stellenbosch Boerewynmaatskappy tot Somchem, Hotech, Swartklip en natuurlik Naspers). Niks het sy oë ongesiens verbygeglipt nie. Soos 'n Nasperser vir my eenkeer gesê het, hy is so deeglik, hy hou almal op hul tone!

Toe my pa vier jaar gelede begin siek word, het hy uit al die direksies behalwe Naspers bedank. En hy het tot kort voor sy dood steeds vergaderings bygewoon. Selfs later toe hy nie meer mag bestuur het nie, het 'n bestuurder met hom ingerry Kaap toe. Want hoewel sy liggaam moeg geword het, was sy brein altyd skerp.

Maar dis nie my pa se deeglikheid of veggees wat my sal bybly nie. Hy het



MICHIEL JOSIAS DE VRIES

Michiel Josias de Vries is op 'n plaas in die distrik Barrydale gebore. Nadat hy matriek met vier onderskeidings geslaag het, het hy in 1951 Matie geword – die begin van 'n verbintenis met Maties wat meer as vier dekades sou duur. Hy het die grade BSc (cum laude) en MSc aan Stellenbosch behaal voordat hy in 1959 'n doktorsgraad met lof aan die Albert Ludwig Universiteit in Freiburg, Duitsland, verwerf het. Twee jaar later is hy hier as senior lektor in Chemie aangestel.

Mike de Vries was op ouderdom 31 een van die jongste professore nog aan Maties – hy was 'n gewilde dosent en 'n vernuwende navorser en sy puik bestuursvermoëns het sommer vroeg-vroeg erkenning ontvang toe hy op betreklik jeugdige ouderdom eers as dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe en 'n rukkie later as viserektor aangestel is. Hy het prof Jannie de Villiers in Julie 1979 as rektor opgevolg.

Die Universiteit het in De Vries se amptstermyn fenomenaal gegroeи en ontwikkel – van vermeerdering in studentetal en verbetering van studentegehalte tot die uitbreiding van beurse en lenings en die vestiging van Stellenbosch as dié sentrum in die land vir nagraadse opleiding.

Met sy heengaan het die rektor en visekanselier, prof Chris Brink, gesê De Vries se bydrae tot die Universiteit was in 'n moeilike tyd in Suid-Afrika besonders. "Hy was 'n vroeë aandrywer vir diversiteit. In sy 14 jaar aan die stuur het hy Stellenbosch op sy hoogs suksesvolle pad help plaas."

eendag vir my gesê hy is baie bevoorreg om op Stellenbosch te kan bly. Wat hy op sy stil manier teruggeploeg het in dié gemeenskap sal ek altyd onthou.

Kort na sy aftrede as rektor en visekanselier in 1993 het sy eerste 'projek' die lig gesien. Die senior predikant van die NG Moedergemeente het hom gevra om in die kerkraad te dien. Dit het hy van die hand gewys en geantwoord hy sal eerder help waar dit nodig is. Nie lank daarna nie vra die predikant hom toe om die fondsinsameling te lei om

emosionele een in ons familie.)

Die volgende projek was ook op aanvraag van die predikant en die kerkraad van die Moedergemeente. Twee tehuise vir senior burgers op die dorp, Utopia en Geluksoord, was tegnies bankrot. Die bank wou nie nog oortrokke fasiliteite toestaan nie. Hy is gekies as voorsitter van die spesiale komitee en het onmiddellik reëlings begin tref vir die betaling van die salaris van die personeel. Vriende het dadelik R80 000 bymekaar gemaak en die Het Jan Marais Nationale

liefdadigheidsorganisasies en aan bewerings- en kultuurprojekte.

Daar is nog vele ander projekte wat hy met versiendheid en vasberadenheid aangepak het: die totstandkoming van die Sasol Kunsmuseum in die ou Bloemhofskoolgebou; die voortbestaan van die HB Thom-teater; die verklaring tot nasionale gedenkwaardigheid van die plaashuis van Jannie Marais (nou die US Sportburo) asook die werf tot by die Eersterivier en die restourasie van Arbeidsgenot op Oudtshoorn.



Leier én gesinsman:
John Vorster huldig De Vries as rektor in; saam met sy gesin; die rektorspaar in 'n outydse kar tydens karnaval; saam met sy voorganger wyle prof Jannie de Villiers en sy opvolger, Andreas van Wyk.

geld in te samel vir die vervanging van die Moederkerk se koperdak wat erg begin lek het. R700 000 was nodig.

Hy het met oorgawe en vasberadenheid ingespring en persoonlik mense en instansies genader. Binne drie maande is R800 000 ingesamel, waarvan minder as R10 000 van buite die gemeente gekom het. Ek onthou een weeksaand toe ek vinnig 'n draai by my ouers se huis gemaak het, het hy heel afgehaal vertel dat iemand wat hy genader het nie geld wou skenk nie. En hy het gesê: "Weet jy Terry, ek dink ek weet nou na wie ek aard... na jou!" (Ek word beskou as die

Fonds het 'n rentevrye lening toegestaan. Geluksoord is uitgebrei met die aanbou van nog woonstelle. Vandag is albei tehuise selfonderhouwend.

As voorsitter sedert 1994 van die Het Jan Marais Fonds, waarvan die totale opbrengs vir die Universiteit van Stellenbosch aangewend word onder meer as beurse, en voorsitter sedert 1999 van die Het Jan Marais Nationale Fonds, het hy 'n groot aandeel gehad in die bestuur van skenkings. Die Het Jan Marais Nationale Fonds bestee jaarliks tussen R3 en R3,5 miljoen aan die bevordering van Afrikaans,

Wat hy egter die meeste geniet het, was sy projek om met behulp van skenkings van die Het Jan Marais Nationale Fonds die Eersterivier skoon te maak, indringerplante op die oewers uit te roei en die rivier te bewaar vir die toekoms. Hy het 'n besondere liefde vir die natuur gehad en het talle oggende saam met die span werkers gehelp om plante uit te trek en vuilgoed op te tel.

Soos die Eersterivier 'n skoon aar van lewe op Stellenbosch is, so weet ek sal my pa se gemeenskapswerk vir altyd lewe aan dié dorp gee.

Ek salueer hom.

Tegnopark voorsien wêreldmark

Twintig jaar gelede was iets soos 'n Tegnopark ondenkbaar. Maar dis juis denke wat dit so 'n skitterende sukses gemaak het en daar word reeds na noodsaaklike uitbreiding gekyk. Deur Susan Carstens

Oor die hoogte langs Stellenbosch se gholfbaan, met 'n panoramiese uitsig op die Helderberg en teen-aan die R44, lê die verdiepingsgebou van Tegnopark gestrooi. Hier word hoëvlaktegnologieprodukte vir die nywerheid bedink en ontwikkel. Die geboue staan in strate met name soos Termo, Quantum, Proton, Elektron, Tegno – op terrein wat kundig ontwikkel word.

Eers ná 20 jaar kan gewoonlik bepaal word of 'n wetenskappark 'n sukses is of nie. By Tegnopark Stellenbosch was die soospitplegtigheid vir die oprigting van die eerste gebou op 9 Julie 1987. In Augustus 2002 was 86,4% van die beskikbare terrein in dié park verkoop, 61% hiervan reeds ontwikkel en is daar geen skuld meer op die ontwikkeling nie.

"Tegnopark het alle moontlike mikpunte gehaal," sê prof Christo Viljoen, die persoon wat dié idee as besoekende professor in Hsinchu, Taiwan, in 1981, raakgeloop, en uiteindelik vorm kom gee het op Stellenbosch.

Dié Taiwanese universiteit is langs 'n nywerheidspark geleë, en prof Viljoen se oë was oop vir idees. Die Wes-Kaap beskik oor al die bestanddele om 'n

hoëtegnologiepoort na Afrika te wees: drie universiteite, twee technikons, pragtige natuurskoon, goeie opvoed-kundige inrigtings, 'n hoë vlak van kultuur en gehalte behuising. En waar beter kom al hierdie elemente bymekaar as op Stellenbosch?

Die idee en moontlikhede is deurdink en deurworstel en teen die middel jare tagtig is prof Viljoen met die voorstel vir so 'n wetenskappark vir hoëtegnolo-gienavorsing en -ontwikkeling na die destydse burgemeester van Stellenbosch, mnr Piet Lombard.

"Prof Viljoen was die een met die kennis oor die saak en ek was die een wat moes sorg dat daar fondse kom," onthou mnr Lombard. 'n Tegnopark-symposium is op 26 Augustus 1986 op Stellenbosch gehou.

As gesikte terrein vir 'n wetenskappark is 'n stuk grond teen die dorp waarop eenjarige gewasse in daardie stadium gekweek is, geïdentifiseer, en Suid-Afrika was die 25ste land ter wêreld om die konsep van 'n tegnopark te volg.


Vandag huisves Tegnopark meer as 1200 wetenskaplikes, ingenieurs, tegnoloë, tegnici en

ondersteuningspersoneel en parkering is reeds 'n probleem. Daar word versigtig gewonder of 'n fase 2 nie bedink moet word nie.

Tegnopark Stellenbosch spits hom hoofsaaklik toe op informasietegnologie, materiaalwetenskap en biotegnologie. Belangrik ook is 'n kweekruimte waar beginnerentrepreneurs teen billike koste vir die eerste aantal jare geleentheid kry om hulle konsepte gestalte te gee. So 'n kweekruimte by Tegnopark is die Innovasiesentrum.

Tegnoparkprodukte wat in die laboratoriums van hierdie Wes-Kaapse universiteite en technikons ontwikkel is, word vandag wêreldwyd gebruik. 'n Mooi ontwikkeling is die eie ondersteuningsnetwerk en intermaatskappy-samewerking wat by Tegnopark ontwikkel. Tegnopark kan trots staan oor wat bereik is in 'n relatief kort tydperk.

"As span het ons honderd persent bereik wat ons wou," sê mnr Lombard. "Die talle hardwerkende jong kundiges in Tegnopark is voorwaar 'n inspirasie."



BON AQUA!



Sustainable development for people and the environment was the talk of 2002. Aquaculture projects have done more than just spreading the word – they have changed the lives of people and improved the environment.

Since its establishment in 1988 Stellenbosch University's aquaculture division has extended its involvement in aquaculture research and development to a range of species, including indigenous species such as tilapia, abalone, crayfish and catfish. The division now also covers a wide range of research fields, including quantitative and molecular genetics, fish foods, processing, water ecology and socioeconomics.

The trout-breeding project with which the division kicked off 14 years ago at the historical Jonkershoek fish breeding station, remains one of its major ventures and already boasts the release of several genetically improved trout lines, a full range of trout foods and an established small farmer development project.

The latter project, headed by Khalied Salie, has also developed well since its modest beginnings in 1996. Recently it led to the establishment of a small farmer co-

operative to oversee the interests of this group of producers in a more orderly fashion. Eight small farmer production units, with an average turnover of R140 000 per year, have already been established in an area that extends from Liefelfontein in Namaqualand to Oudtshoorn in the Southern Cape.

The division has also successfully concluded valuable international partnerships that include, among others, bilateral projects with the Catholic University of Leuven in Belgium, the University of Wales in Swansea, the University of Stirling in Scotland, the University of Auburn in the USA and the Asian Institute of Technologies in Thailand.

OTHER HIGHLIGHTS OF THE PAST DECADE INCLUDE:

- the implementation of the first undergraduate training programme with aquaculture as major field of study at a South African university. (Postgraduate fields of study in



aquaculture, including a distance education programme, have also been established – 17 postgraduate students, including three from other African countries, are currently registered for various modules of the programme.)

- the division's involvement in the establishment of the first full fish food manufacturing plant in South Africa, namely the WPL Akwavoere Bpk. at Malmesbury; (This plant is responsible for the manufacturing of a comprehensive range of fish foods, as well as additional animal feeds, in co-operation with the division.)
- a co-operative partnership with UniStel (see page 10) for the commercialisation of intellectual property capital from the division – this was manifested in the development of Koi Worldwide, a joint enterprise in collaboration with the ornamental Koi carp industry, which specialises in the worldwide distribution of high-quality koi carp.

This September the division hosted the biennial conference of the Aquaculture Society of Southern Africa at which nine international speakers presented papers and workshops. This was the third time since its establishment that it had acted as conference host.

CHINA WAS THE FIRST COUNTRY TO APPLY AQUACULTURE...
...more than 3000 years ago. Rice and fish were farmed simultaneously at that time. These days China boasts more than half the world's aquaculture products. It is one of the few countries where aquaculture supplies more consumable fish than those caught in the sea or elsewhere.

All the way to China


Henk Stander, general manager of the University's aquaculture programme, has attended a three-month aquaculture course in China. Only three South Africans have attended a course of this nature before.

Nearly 50 students from 24 countries attended the course in the Chinese city of Wuxi. Henk was the only one from a South African university to attend. The course is presented annually for people from the aquaculture industry who already have post-graduate qualifications and have worked in the industry for at least two years. It is funded by the Chinese government and other governments are invited to nominate one student each to attend. The course was presented by the Research Centre for Freshwater Fishing at the Chinese Academy for Fishing Sciences in Wuxi. Areas covered included fish diseases, integrated fish farming, plankton, genetics, nutrition, biology, recycling systems, pearls, shrimps, fish and shell fish. At the culmination of the course an examination was written and those who passed received a certificate.



DIE SKOONGESIG KITSHELD

Roem is die grootste karaktertoets, word gesê. Die Matie-regstudent Heinz Winckler is aan die diep kant ingegooi toe hy as Suid-Afrika se eerste *Idols*-wenner gekroon is. Martina Smit het gaan hoor hoe hy kop bo water hou.



"Die vermaaklikheidswêreld is op 'n manier meedoënloos. Baie jaag net hul eie roem na en wil 'n quick buck maak."

Hy het al 15 uitnodigings na matriekafskede gekry - mét foto's. "Een is genoeg, baie dankie! Ek is darem al 24!" beduie

Suid-Afrika se eerste *Idols*-wenner waar hy effe stram teen 'n boomstam in Stellenbosch se Botaniese Tuin leun (op aandrang van die twee fotograwe wat lustig voortkliek).

Drie maande gelede was Heinz Winckler 'n Matie-regstudent in sy finale jaar. Nou is dié skoongesig held die prys in 'n kompetisie van *Huisgenoot*: die metgesel van 'n matriekmeisie vir een droommaand. Dis nou naas die banier met die woorde 'Trou met my, Heinz' tydens 'n onlangse optrede in Krugersdorp; die swanger vrou van

Pietermaritzburg wat hom gevra het om op haar maag te teken; en die twee Durbanse veertienjariges wat spesiaal deurtrekkers gekoop het sodat Heinz sy naam daarop kan verewig. En nee, daar is nie 'n vrou in sy lewe nie, sê hy beslis.

Ja, hy bly nog op Stellenbosch – nou in sy eie woonstel. Maar hy leef en dink anders, sê Heinz, wat sy studies ná *Idols* noodgedwonge gestaak het. Ander waardes en ander definisies van reg en verkeerd geld in die wêreld waarvan hy nou deel is. "Die vermaaklikheidswêreld is op 'n manier meedoënloos. Baie jaag net hul eie roem na en wil 'n *quick buck* maak."

Tog, toe 'n joernalis hom op die nuuskonferensie net ná sy oorwinning vra oor die "baie slechte bedryf" wat hy betree, was Heinz gou om van hom te verskil. "Dit is 'n wonderlike bedryf met 'n paar slechte kante," het hy geantwoord. Hy geniet dit om die tegniese vaardigheid agter televisie te leer verstaan en om saam met die land se beste musikante te werk.

Die finaliste:

Van links
Brandon October,
Melanie Louw,
David Fourie,
Nicole Billingham,
Ezra Lingeveldt,
Cindy Bester,
Lyndle Kearns,
Heinz Winckler,
Ayanda Nhlangothi,
Rian Swanepoel,
Bianca le Grange

Hy wil graag glo dat hy die karaktertoets van roem slaag, sê Heinz. Sy geloof in Christus dra hom. Die wortels van sy musiek lê in aanbidding – hy was vier jaar lank lid van Kerugma, 'n gospel-groep in die NG Studentekerk. Die hoogtepunt van sy studentedae was huis 'n gospelkonsert voor sowat 'n duisend mense in dié kerk. Nietemin oorweeg Heinz dit nie om 'n gospelalbum op te neem nie. Hy droom daarvan om met sy tweede of derde album musiek "met 'n boodskap" te skryf, maar wat goed sal verkoop.

"Ek dink dit beperk jou as jy jou musiek 'gospel' noem en ek wil soveel mense as moontlik bereik."

Ook sy gesin dra by tot die mens wat hy vandag is. Sy pa, Theo, 'n finansiële makelaar, en sy ma, Elsa, 'n administratiewe beampete in die Universiteit se Departement Engels, is ook Christene en "lief vir mekaar". Kleintyd het hulle feitlik elke twee jaar getrek wat die gesin geheg aan mekaar gemaak het. "Ons het mekaar goed leer ken, soms beter as wat

ons wou," skerts Heinz. Hy verskil "soos dag en nag" van sy broer, Johan (22), wat Drama gestudeer het. Sus Mia (19) is eerstejaar BSc.

Heinz se passie vir musiek het in 1994 aan die einde van graad 10 posgevat toe hy sy eerste kitaar gekry het. "'n Nuwe wêreld het vir my oopgegaan waarin ek kon sing en myself begelei." Hy het in 1997 begin om sy eie liedjies te skryf. Mettertyd het sy musiek sy droom om prokureur te word, oorheers. (Hy het selfs Latyn op hoër skool geneem met die oog op regte). Hy beplan wel om later sy LLB-graad te voltooi en hom in die vermaaklikheidsreg te bekwaam – volgens hom is daar 'n groot leemte hiervoor in Suid-Afrika.

En ondertussen?

Musiek. Sy eerste enkelsnit-CD, *Once in a lifetime*, het al platinum-status behaal. Hoewel hy nooit sy hart daarop gesit het om te wen nie, het Heinz van die begin af gevoel hy sou goed vaar met *Idols*. "Dit is deel van my roeping."



Ground-breaking research on stem cells gives insight into new ways of curing diseases where formerly there have been little or no hope of cures let alone full recovery.

By Carolyn Frost

STEM CELLS hold the key to DISEASE SOLUTIONS



The world's best-travelled stem cells have yielded an extraordinary scientific fact: their capacity – in a zero gravity environment – to develop in the 'third dimension', where in addition to growing only in length and width as on earth, they have 'thickened' into many layers.

This experiment, one of the select few which accompanied Mark Shuttleworth on his illustrious trip to outer space, has implications for the research initiative to revolutionise the treatment of a number of incurable diseases through stem cell use.

Dr Danie Barry, senior lecturer in Animal Biotechnology at Stellenbosch University's Department of Animal Sciences, has been conducting research on different ways of culturing stem cells, and was afforded the opportunity to do comparative analyses on embryonic stem cells and embryos in various forms of incubation, on earth and in the weightless environment of space.

Stem cells, specifically embryonic stem cells, are the first cells appearing in the embryo, and grow into the specialised cells forming every part of the body.


"We are looking at various ways of culturing stem cells", Barry explains succinctly, "as they do not grow as well in incubators as they do in the body." When the sheep embryos are seven days old, the inner cell mass (of the blastocyst stage of the embryo) is microdissected from the embryo, and then continues to grow as stem cells in the incubator. Under natural gravity conditions these stem cells, however, only grow in two dimensions, a flat single layer on the bottom of the culture dish.

Modified tissue

These cells have the extraordinary capacity to reproduce and have the potential, should they be transferred or injected into damaged or diseased organs, to develop into modified tissue.

The importance of this is, for example, that scar tissue synonymous with a heart attack – which remains a source of vulnerability as it acts as a tissue plug to prevent the heart from leaking or breaking open – could now be replaced with cardiomyocytes (heart muscle cells) which were created from stem cells and can become a operative part of the heart.

Countless other incurable diseases, generally reliant on





Benefiting from science: Dr Danie Barry (right) with George Honig who, together with Mark Shuttleworth, donated this micromanipulator.

organ transplants as one of the interventionist treatment options, stand to benefit from this groundbreaking research.

Controversy

Stem cell research, at the forefront of contemporary medical science advances, is a controversial subject as stem cells are generally harvested from foetal tissue and fertilised eggs and embryos not utilised in fertility treatments. Opponents regard this as the destruction of potential humans and a disregard of their right to life.

Embryonic stem cells are considered more viable than adult stem cells, because adult cells do not have the same potential for application where there is organ damage or disease. These cells can be obtained by bone marrow donations or by 'milking' the umbilical cord after delivery, a technique of harvesting foetal stem cells recently used in London to save an adult man suffering from leukaemia. Generally this treatment was only used on children, as it was thought that there were too few stem cells available in an umbilical cord to 'recolonise' the bone marrow of an adult.

Subsequently hailed as a medical breakthrough, the therapy was applied whereby the stem cells from the umbilical cords of seven newborn babies were injected into the patient, with only one representing an ideal match. The nonmatching cells reinforced the few that were the correct match and within a few weeks the

patient's white blood count levels were at an acceptable level.

Veterinary research in the field of tissue cultivation and stem cells, as exemplified by Barry's experiments, is proving an invaluable resource in identifying the implied potential in terms of medical science, by using the more ethically acceptable stem cells derived from mice, rats or sheep.

Due to the misconception that stem cell research and cloning are in the same category, the concern exists that one of the most promising areas of medical research stands to be negatively impacted when it comes under the scrutiny of the new National Health Bill, to be promulgated at the end of the year. **A life saver**

The potential to save lives is irrefutable, says Barry, and he illustrates his point with the example of freeze-storing umbilical cord blood at birth, so that should disease or damage occur at some point in a person's life, they could access the perfect match and thereby facilitate restoration and healing.

There are numerous other potential applications, for instance diabetes – where stem cells could be induced to grow into insulin-producing pancreatic islets and implanted back into the body, or for treating brain disorders where damaged nerves can be replaced by transplanted ones. It can be extrapolated further to the treatment of heart disease, arthritis, strokes, cancer or injuries to the spinal cord, and the ultimate application would be the ability to 'grow' whole new organs.

The controversy surrounding the debate needs to be evaluated in the cold light of day, and as a proponent, Barry encourages awareness of the reality that surplus embryos left over from in vitro fertilisation (as one source) could unequivocally be better utilised to the benefit of health science, versus being discarded as they customarily are after eight days of development.

Treatment of HIV/AIDS

He illustrates another potential lifesaver: the possibility of using this technology to treat HIV/AIDS. An incidence of HIV resistance in some people has been documented, and is being attributed to the lack of a specific protein on the cell wall. The AIDS virus attaches to this protein on the cell wall of lymphocytes, which are cells that produce antibodies. The postulation is that these diseased cells could be replaced with stem cells from an HIV-resistant strain, thereby not just counteracting the process, but also giving the AIDS carrier lymphocytes resistant to the virus. This will then again give the AIDS carrier resistance in the form of antibodies to other diseases.

Barry's enthusiasm for this work continues unabated, and the scientific community stands to be enriched and further enlightened when his conclusions are published. ■

DIE TAAL

wat ons saamsnoer

Viva Us!



Daar is 'n paar goed wat meeste mense na aan die hart lê en taal is een van hulle. En om in 'n veeltalige, multikulturele gemeenskap beleide vas te lê is geen geringe taak nie.

Die rektor en visekanselier, prof Chris Brink, het onlangs 'n taakgroep saamgestel wat 'n nuwe taalbeleid en -plan vir die Universiteit moet ontwikkel wat onder meer inhoud sal

gee aan die standpunte oor 'taalvriendelikheid' en 'Afrikaans as vertrekpunt'. Die taakgroep, wat sy werk voor einde Desember vanjaar moet afhandel, word geleid deur prof Leon de Stadler, direkteur van die Universiteit se Taalsentrum.

Die hersiening van die taalbeleid en die formulering van 'n taalplan moet plaasvind in die konteks van die Universiteit se reeds aanvaarde strategiese raamwerk, 'n raamwerk wat die klem

Die Universiteit erken sy historiese verbondenheid aan die mense en gemeenskappe waaruit hy ontstaan het.

plaas op die Universiteit se vernaamste bestaansdoel – die skep van 'n omgewing vir die produksie, oordrag en benutting van kennis en die streewe na uitmuntendheid.

Die taakgroep sal voorts deeglik moet kennis neem van die resultate van die taalbestekopname wat vroeër deur 'n taakgroep onder leiding van dr Ludolph Botha (direkteur: akademiese steudienste) uitgevoer is. Daar sal ook deeglik rekening gehou moet word met die diversiteitsplan

wat deur die koördineerde: diversiteit, dr Christa van Louw, en haar taakgroep opgestel moet word.

De Stadler benadruk dat maksimum oorlegpleging van die grootste belang is en het alle meganismes in werking gestel om hierdie oorleggingsproses op koers te hou. In die proses sal daar rekening gehou word met die standpunte van 'n groot verskeidenheid rolspelers, waaronder dié van studente, dosente en die breër omgewing waarvan die Universiteit deel vorm.

In die verfyning en uitvoering van hulle taak sal die taakgroep ook rekening hou met sake soos die volgende:


- In die strategiese raamwerk, sowel as die huidige taalbeleid, word dit duidelik gestel dat die bestaansdoel van die Universiteit wentel om kennis en uitnemendheid. Dit moet dan ook die uitgangspunt van die taakgroep wees.
- Die strategiese raamwerk stel die volgende as vertrekpunt:
Die Universiteit erken sy historiese verbondenheid aan die mense en gemeenskappe waaruit hy ontstaan het. Die Universiteit verbind hom met die oog op die toekoms daartoe om sy vermoëns, kundighede en bronne aan te wend tot voordeel van die Suid-Afrikaanse gemeenskap in die breë en daarom verbind die Universiteit hom om taalvriendelik te wees, met Afrikaans as vertrekpunt.
- Soos voorsien in die strategiese raamwerk moet die bevordering van meertaligheid (spesifiek met verwysing na die tale van die omgewing, nl. Afrikaans, Engels en isiXhosa) hoë prioriteit geniet in die taalbeleid en taalplan van die Universiteit.
- In die formulering van die taalbeleid en die taalplan moet duidelikheid die wagwoord wees.
- Die taakgroep moet aandag gee aan die bekostigbaarheid en koste-deltreffendheid van die taalplan.
- Die taalplan moet volhoubaar wees.
- Die taalbeleid en die taalplan moet aansluit by die Nasionale Plan vir Hoër Onderwys, veral in die mate waarin dit transformasie dien.
- In die taalplan moet daar voorsiening gemaak word vir duidelike gedragskodes wat die optrede van personeel en studente sal bepaal. Die taakgroep moet in ag neem dat sodanige gedragskodes veel eerder gaan om wedersydse verwagtinge binne ons waardesisteem as om reëls, regte en verpligte.
- Die taalplan moet sover moontlik voorname studente en personeel bemagtig met voldoende inligting aangaande die gebruik van Afrikaans aan die Universiteit om hulle in staat te stel om 'n ingeligte besluit te neem.

Viva Us!
Viva Afrikaans!

meertaligheid (spesifiek met verwysing na die tale van die omgewing, nl. Afrikaans, Engels en isiXhosa) hoë prioriteit geniet in die taalbeleid en taalplan van die Universiteit.

- In die formulering van die taalbeleid en die taalplan moet duidelikheid die wagwoord wees.
- Die taakgroep moet aandag gee aan die bekostigbaarheid en koste-deltreffendheid van die taalplan.
- Die taalplan moet volhoubaar wees.
- Die taalbeleid en die taalplan moet aansluit by die Nasionale Plan vir Hoër Onderwys, veral in die mate waarin dit transformasie dien.
- In die taalplan moet daar voorsiening gemaak word vir duidelike gedragskodes wat die optrede van personeel en studente sal bepaal. Die taakgroep moet in ag neem dat sodanige gedragskodes veel eerder gaan om wedersydse verwagtinge binne ons waardesisteem as om reëls, regte en verpligte.
- Die taalplan moet sover moontlik voorname studente en personeel bemagtig met voldoende inligting aangaande die gebruik van Afrikaans aan die Universiteit om hulle in staat te stel om 'n ingeligte besluit te neem.

Die bestuur van die Universiteit het met hierdie inisiatief die belangrikheid van taal duidelik in fokus geplaas, 'n houding wat ook blyk uit die onlangse stigting van die nuwe Taalsentrum.



Christopher Vale

IN A CLASS OF HIS OWN

Christopher Vale, an electrical engineering student, not only received his PhD at the 2001 graduation ceremony, but was also the recipient of the Chancellor's Medal, the annual award for the most outstanding final-year student. This award recognises excellent academic achievements, versatility and a meaningful contribution to university life. The topic of Vale's PhD was: Growth-based Computer Aided Design Strategies for Multimode Waveguide Design with the Aid of Functional Blocks, under promotership of Prof Petrie Meyer and Dr Keith Palmer.

This thesis was originally submitted for a master's degree, but it was upgraded to PhD status. The thesis was evaluated by two external examiners, Prof D Rutledge of the California Institute of Technology and Prof R Vahldieck, head of the microwave laboratory at ETH, Zurich. They returned it to Vale with no corrections, commenting that it was "an outstanding thesis".

Vale received his Bachelor of Engineering (Electrical and Electronic) cum laude in 1998, averaging over 90% for each year of the four-year course, a first for any student from this department. He was awarded the Sir Henry Strakosch Memorial Trust Scholarship supporting one year of study at Cambridge University. He also received the National Research Foundation Scholarship for Doctoral Study, the Harry Crossley postgraduate bursary; the NRF Prestige Scholarship for master's study; the ESKOM Top Student Award; the Engineering Council of SA Medal; the Altech Medal and Prize and the Jac van der Merwe M-NET prize for innovation, amongst many others. He is also an avid sportsman. Vale's promoter, Prof Petrie Meyer, was the recipient of the Chancellor's Medal in 1988.

KLAASEN FIRST OUTSIDE USA TO RECEIVE AWARD

Brendell Klaasen, a University Protection Services patrol leader, has become the first person outside America to receive an award for outstanding service from IACLEA (International Association of Campus Law Enforcement Administrators).

Brendell recently travelled to the USA to personally collect his award at a ceremony held in Cleveland, Ohio. IACLEA sponsored the trip.


Some 1200 tertiary institutions worldwide are affiliated to the IACLEA which awards protection officers for outstanding service. Twenty nominations for awards were received this year. Only four were made. Brendell Klaasen (43) was one of the recipients. This latest award follows an incident when a man accosted a woman jogger on a walking trail near Coetzenburg. Her assailant assaulted and attempted to rape her. Her screams alerted other joggers who rushed to her aid and prevented the rape. The assailant escaped, but details of the assault and a description of him were entered into the protection services database. Klaasen, who was off-duty on that weekend, heard of the incident and familiarised himself with the details.

On the Saturday morning while in the Langenhoven Student Centre, Klaassen noticed a man who fitted the description. He confronted a 28-year-old man who was subsequently arrested. He later appeared in court, was convicted of charges of indecent assault and attempted rape and sentenced to 23 years in prison.



Brendell
Klaasen

Leiers in navorsing en onderrig



Die Raad van die Universiteit het prof Walter Claassen vir 'n derde ampstermy van vyf jaar her-aangewys as viserektor (navorsing) en prof Russel Botman van Teologie (ook vir vyf jaar) as viserektor (onderrig) aangewys in die plek van prof Rolf Stumpf tans die UPE se rektor en visekanselier.

Claassen het in 1969 die Kanseliersmedalje vir die beste student aan die Universiteit van Stellenbosch ontvang. Hy het vyf grade en 'n lisensiaat almal met lof aan Stellenbosch verwerf en ook 'n doktorsgraad in 1971. Hy was hoof van die Departement Semitiese Tale (nou deel van Antieke Studie) voor hy in van 1991-1993 direkteur (navorsing) was. Hy is 'n gewese voorsitter van die raad van die Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Botman is 'n voormalige dekaan van Godsdienskunde en Teologie aan die UWK. Voor sy aanstelling as professor in Praktiese Teologie en Missiologie aan Stellenbosch in 2000 was hy bezoekende professor in sosiale etiek aan die UPE.

Botman is vroeër vanjaar as eerste direkteur van die nuwe Beyers Naudé Sentrum vir Openbare Teologie aan Stellenbosch aangestel. Hy is onder meer gekies om tot 2004 senior visepresident van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke te wees. Hy het aan die UWK gestudeer, waar hy MTh (met lof) en 'n doktorsgraad in Teologie in 1994 verwerf het.

VROUWE VUL BELANGRIKE POSTE

Twee vroue – met tussen hulle 'n goudmyn vol ervaring – is onlangs in nuutgeskepte en belangrike poste aan die Universiteit aangestel.

Die twee vroue wat onlangs aangestel is, is dr Christa van Louw wat as die Universiteit se koördineerde: diversiteit aangestel is en dr Edna van Harte wat die rektor en visekanselier se uitvoerende assistent geword het. Van Louw was voorheen die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans se uitvoerende hoof en dosent by die

versiteite. Van Louw was ook direkteur van die liLwimi Sentrum vir Veeltaligheid in die Taalprofessies. Sy is 'n lid van die raad van trustees van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (die WAT wat op Stellenbosch geset is) asook 'n lid van Pansat. As koördineerde: diversiteit is sy saam met die rektor verantwoordelik vir die ontwerp en koördinering van die Universiteit se diversiteitsveldtog. Sy lei ook beplanningsinisiatiwe vir die uitbou van Afrikaans.

Dr Edna van Harte, nuwe uitvoerende assistent van die rektor, kan ses grade

agter haar naam skryf – waarvan verskeie in die buitenland verwerf is. Van Harte het BSocSc, BA en 'n honneursgraad aan Unisa behaal voordat sy MSc aan die



Christa van Louw



Edna van Harte

UWK en Van Harte die uitvoerende direkteur van die Desmond Tutu Opvoedkundige Trust.

Christa van Louw het D Litt (Afrikaans) in 1999 aan die UWK verwerf en is onder meer lid van die Adviserende Taalkomitee vir Universiteite en van die ministeriële taakspan vir die ontwikkeling en implementering van 'n veeltaligheidsmodel vir skole in die Wes-Kaap.

Sy was ook lid van die Gerwelkomitee wat in opdrag van die nasionale onderwysminister aanbevelings gedoen het oor die rol van Afrikaans aan uni-

stadsuniversiteit van New York verwerf het, en later 'n M- en 'n D-graad aan Columbia. Sy het voorheen verskeie poste aan die UWK asook universiteite in die VSA beklee. Sedert 2000 het sy aan die hoof van die Tutu-trust gestaan.

Van Harte staan die rektor by met al sy strategiese funksies, waaronder diversiteit en breë transformasie-inisiatiwe, skakeling met belangegroepe en die rektoraat se oorhoofse bestuur.

Akademie vereer professore en raadslid

Twee dosente aan die Universiteit, proff Frikkie Botha (Botanie) en Pieter van der Bijl (Farmakologie), 'n ouddekaan van die Fakulteit Teologie, prof Bethel Müller, en 'n lid van die Raad, mnr GT Ferreira, het vanjaar toekennings van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang.


Botha is met die Havenga-prys vir biologiese wetenskappe en Van der Bijl met die Farmovs-prys vir farmakologie en geneesmiddelontwikkeling vereer. Die Totius-prys vir teologie en studie van die grondtale van die Bybel is aan Müller toegeken en die Frans du Toit-medalje aan Ferreira.

Botha word as een van Suid-Afrika se voorste bioloë gereken. Sedert sy aanstelling as professor in Botanie aan Stellenbosch in 1998 was hy ook die stichtingsdirekteur van die nou reeds internasionaal erkende Instituut vir Plantbiotecnologie. Hy is sedert 2000 ook die voorsitter van die Departement Botanie.

Van der Bijl se werk oor die diffusie van geneesmiddels rakende biologiese membrane word in die buiteland hoog aangeskryf. 'n Model wat hy ontwikkel het, is uniek en word gebruik om bukkale en vaginale absorpsie van geneesmiddels te toets en met behulp van chemiese deurlaatbaarheidsverhogers te verbeter. Daar is groot belangstelling in die bukkale absorpsieroete om veral sekere geneesmiddels terapeuties toe te dien.

Müller is die vyfde dosent van Stellenbosch wat met die gesogte Totius-prys bekroon is sedert dit in 1980 ingestel is. Hy het met sy publikasies 'n onuitwisbare merk op die teologie in Suid-Afrika gelaat en 'n besonderse bydrae gelewer tot die ontwikkeling van Praktiese Teologie as selfstandige wetenskap.

Ferreira is as sakepersoon vereer vir sy skeppende bydrae tot die SA bedryfslewe, volgehoue uitbouing van 'n bepaalde bedryfsveld en leiding en besieling om dié bedryfsveld uit te brei.



Pieter van der Bijl

GT Ferreira

Bethel Müller

Frikkie Botha

'n Tukkie op die Bos


Prof Albert van Jaarsveld van die Universiteit van Pretoria (UP) is die nuwe dekaan van Natuurwetenskappe in die plek van prof Fritz Hahne wat einde September vanjaar afgetree het. Van Jaarsveld, voormalige direkteur van die Sentrum vir Omgewingstudies aan Tukkies, is die ontvanger van verskeie toekennings en beurse – as voortreflike presteerde (2000-2002) en die Kanseliersmedalje vir Onderriginnovasie (2002).

Hy is sedert 1998 professor in Soölogie en was 'n mededekaan in die Fakulteit Landbou- en Biologiese Wetenskappe aan die UP. Hy het sy doktorsgraad in Soölogie in 1990 behaal en was onder meer van 1998 – 1999 president van die Soölogievereniging van Suider-Afrika. Hy dien ook tans as voorsitter van die SAON (South African Ecosystem Observatory Network), 'n inisiatief wat probeer om 'n nuwe nasionale navorsingsfokus op langtermyn ekologiese tendense van stapel te laat loop. Van Jaarsveld se navorsingsloopbaan het begin as fisioloog, sy PhD het gehandel oor hiëna-endokrinologie, maar hy het sedertdien nouer betrokke geraak by bewaringsbiologie.

Sy navorsingsgroep fokus tans op kwantitatiewe benaderings, veral modelering, op die gebied van bewaringsbeplanning, die uitwerking van klimaatverandering op biodiversiteit en die beginsels van volhoubare ontwikkeling.



UITSONDERLIKE EER VIR AKADEMIKUS



Prof Detlev Kröger van Meganiese Ingenieurswese en wêreldkenner oor die navorsing, ontwikkeling en ontwerp van koeltorings en lugverkoelde hitte-uitruilers, is deur die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) met 'n eredoktorsgraad vereer. Die graad DIng (*honoris causa*) is op 'n gradeplegtigheid in Johannesburg aan hom toegeken.

Dit is eintlik heel ongewoon dat 'n akademikus van een universiteit op dié wyse deur kollegas van 'n ander universiteit vereer word.

Prof Kröger se fundamentele navorsing het onder meer bygedra tot die ontwikkeling van 'n besondere nuwe lugverkoelde vinbuis – wat nou in ongeveer die helfte van die wêreld se nuwe lugverkoelde kragstasies toegepas word. Dié vinbuis is in 1992 die eerste keer by 'n kragstasie op Long Island, New York, geïnstalleer en deur tegniese personeel van die Universiteit van Stellenbosch daar getoets.

Die navorsing van formaat se verhouding met die ingenieurswese het in die laat jare vyftig begin toe hy Meganiese Ingenieurswese hier gestudeer het. In 1962 verwerf hy BSc en BEng (meganies). Daarna het hy sy vlerke gesprei en in 1965 is die grade SM en MechE, en in 1967 die ScD deur die Massachusetts Institute of Technology (MIT) in die VSA aan hom toegeken.

In 1968 word hy as senior lektor in Meganiese Ingenieurswese aan die Universiteit aangestel en in 1971 bevorder tot professor in Lugvaartkundige Ingenieurswese. In 1983 word hy hoof van die Departement Meganiese Ingenieurswese.

Jong navorsers blink uit

Die Nasionale Navorsingstigting (NNS) se gesogte Presidentstoekenning vir belowende jong navorsers is aan proff Johann Rohwer (Biochemie), Marius Lambrecht (Wingerdbou en Wynkunde) en Jacques du Plessis (Privaatreg en Romeinse Reg) toegeken.

Die toekennings aan Rohwer en Lambrecht is twee van net vier wat landwyd in die breë natuurwetenskappe toegeken is, en dié aan Du Plessis een van drie in die geesteswetenskappe landwyd – en die enigste in regsgedeerdheid. Dié NNS-toekenning gaan aan wetenskaplikes jonger as 35 jaar wat hul doktorsgrade minder as vy jaar tevore behaal het en die potensiaal het om redelik gou tot wêreldleiers op hulle gebiede te ontwikkel.

Johann Rohwer se navorsingsprogram behels molekulêre selfisiologie. Hy is tans besig om die tegniek van biologiese kernmagnetiese resonansie (KMR) op Stellenbosch te vestig. Biologiese KMR maak dit moontlik om prosesse binne-in lewend selle direk waar te neem sonder dat die selle vernietig word. Hy het sy doktorsgraad in 1997 in Amsterdam verwerf en al sy ander kwalifikasies met lof op Stellenbosch.

Marius Lambrechts het al sy kwalifikasies hier verwerf –



Johann Rohwer



Jacques du Plessis



Marius Lambrecht

hy is nou groepsnavorsingsbestuurder by Distell en 'n buitengewone professor aan die Universiteit. Sy navorsing is toegespits op die rol van mikro-organismes op die sensoriese gehalte van wyn en brandewyn. Al sy navorsingsfondse kom uit die bedryf, onder meer van die internasionale gisprodusente Anchor Yeast in Suid-Afrika en Lallemand van Kanada.

Jacques Du Plessis verwerf in 1998 'n doktorsgraad aan die Universiteit van Aberdeen in Skotland. Sy navorsing gaan in breë trekke oor onaanvaarbare metodes van wilsbeïnvloeding in die kontraktereg, asook ongeregverdigde verryking – veral in die konteks van gemengde regstelsels. Hy dien in die internasionale beplanningskomitee vir die eerste wêreldkongres oor gemengde regstelsels wat einde vanjaar in Louisiana in die VSA gehou word.

RARE VONDS WERP LIG OP HUGENOTE-ERFENIS

NADAT DIT LANK VERLORE WAS, IS 'N KOPIE VAN DIE OUDSTE GEPUBLISEERDE, LETTERKUNDIGE EN TEOLOGIESE WERK UIT SUID-AFRIKA IN DIE RUSSIËSE NASIONALE BIBLIOTEEK IN ST PETERSBURG GEVIND... VOORWAAR 'N UITSONDERLIKE REIS VAN 'N MERKWAARDIGE BOEKIE. DEUR MATTIE VAN DER MERWE



'n Spesialis op die gebied van die Franse Hugenote: Prof Pieter Coertzen, voorstander van die Departement Sistematisiese Teologie en Ekklesiologie aan die Universiteit.

Op 'n soektog na ou Psalmberymings het die Institut Claude Longeon te wete gekom van 'n boekie wat Pierre Simond op sy plaas Bethlehem tussen Drakenstein en Stellenbosch in 1699 geskryf en in 1704 self in Amsterdam laat publiseer het. Maar van die boekie self kon hulle geen spoor vind nie – net hier en daar in ander se tekste 'n tergende verwysing daarna. "Gert-Jan Buitink, 'n uitgewer van Psalmberymings in Brasschaat, België, kom einde 1996 op 'n dag hier by my aan," vertel prof Pieter Coertzen, voorstander van die Departement Sistematisiese Teologie en Ekklesiologie aan die Universiteit en 'n spesialis op die gebied van die Franse Hugenote.

"Buitink sê hy hoor die boekie is in Rusland, maar hy kom soek hier in Suid-Afrika na 'n eksemplaar wat hopelik op 'n solder agtergebley het." Coertzen het aan hom die moeilike omstandighede verduidelik waaronder die Hugenote hulle hier in die 'wildernis' kom vestig het. Daar was weinig hoop op 'n solder.

By prof Hennie Viljoen, senior direkteur van Bibliotekdienste, vind Coertzen uit dat die Gericke-biblioteek kontak het met die Nasionale Biblioteek in St Petersburg. Hy skryf 'n brief om uit

te vind of Pierre Simond se boekie daar is en, indien wel, of hulle vir hom 'n kopie sal stuur.

"Na maande van stilswye," vertel Coertzen, "kom hier in 1997 'n dik koevert aan met 'n fotokopie van die boekie." Daar is aantekeninge op die titelblad, waarvan 'n paar onduidelik is. Wat beteken dit? Hy besluit om na die oorspronklike kopie in Rusland te gaan kyk.

'N BESOEK AAN RUSLAND

Van Mei tot Julie 2000 sou hy in Leuven wees. Hy besluit om van daar af aansoek te doen om na Rusland te reis. Ter voorbereiding gesels hy met Apollon Davidson, 'n Rus wat by die Universiteit van Kaapstad in Politieke Wetenskap klasgegee het. Hy kry die naam van 'n professor in Durban. Dié gee hom die kontakbesonderhede van 'n vrou in Rusland, wat oplaas, sonder dat hy haar ooit ontmoet, vir hom deur middel van e-posse 'n hele toer in Rusland reël.

Op 26 Junie neem Coertzen die oorspronklike boekie in die hand en begin dit vergelyk met sy fotokopie. Op sy navraag oor die raaiselagtige aantekeninge op die titelblad, deel die hulpvaardige personeel van die poligrafieafdeling hom mee dat dit afkomstig is van biskop Jozef Andrzej Zaluski, wat teen die einde van die 17de eeu in

Cerks in die omgewing van Warschau gebore is.

Zaluski, 'n noukeurige bibliotekaris en bibliograaf, het saam met sy ouer broer, ook 'n biskop, die baie bekende Zaluski Biblioteek in Warschau begin. In die loop van die 18de eeu het hierdie biblioteek meer as 400 000 eksemplare in sy versameling gehad, waaronder die boekie van Simond. Teen die einde van die 18de eeu is die versameling na St Petersburg geskuif en so beland Simond se herberyming van die Psalms in die Staatsbiblioteek in Rusland.

Tussen 1921 en 1933 is die helfte van die boekery weer terug na Warschau, waar dit in die Tweede Wêreldoorlog heeltemal vernietig is. Maar die boekie van Simond het in St Petersburg bewaar gebly.

En op hierdie wyse vind ons die pennevrug van 'n diepgelowige en belese Hugenoot terug.

REIS NA AFRIKA

Simond, 'n toegegewe en oordeelkundige man, is in 1687 deur die VOC aangestel as predikant vir die 150 Franse Hugenote wat in 1688 na die Kaap de Goede Hoop sou reis. Vir hom was die Psalms, soos vir baie ander Hugenote van die diaspora, 'n sentrale en diep gekoesterde element in die liturgie.

Verkeerdelik onder die indruk dat die nuwe psalmberymings van Conrart en De la Bastide deur Franssprekendes in Engeland in gebruik geneem is, besluit Simond "om die ou Psalms opsy te skuif en aan my kinders die nuwe Psalms te leer. Maar ek moet bely dat ek dit nie sonder 'n sekere teësinnigheid gedoen het nie, want ek kon nie in die nuwe Psalms alles vind wat ek daarin gesoek het nie." Nogtans pas hy hom aan by 'n

gebruik wat hy voel binnekort gemeenskaplik in die Kerk beoefen sou word.

VERBETERING OP OU BERYMING

Hy skryf verder in die voorwoord van sy boekie: "Die volgende Sondag wat saamgeval het met Pinksterdag, wou ek, soos dit my gewoonte was, 'n Psalm aan my kinders gee as taak van die week. Hulle vra toe self die 50ste en vind dat daar vyf verse in die nuwe Psalm is in plaas van die vier in die eerste deel van die Psalm soos in die ou Psalmboek.

Deur die twee met die prosateks te vergelyk, wou ek kyk of die ou weergawe iets weggelaat het en of die nuwe iets bygevoeg het. Ek vind toe dat albei veel te wense oorlaat. Ek sê toe met 'n sog by myself: 'Here, is dit nie moontlik om beter as dit te doen nie?'

Hy neem sy pen op en hy vertaal die Psalm in versvorm met soveel gemak dat hy die volgende dag besluit om verder te werk. Hoe verder hy werk, hoe meer besef hy dat Conrart en De la Bastide se werk in verskeie opsigte tekort skiet: "n Sekere hartseer het in my gemoed gevorm by die gedagte daarvan dat hierdie Psalms reeds in Engeland gesing word en dat hulle binnekort oral gesing sou word."

NAGWAKE UIT AFRIKA

Eers toe hy by 'n Franse offisier van een van die skepe wat aan die Kaap vir verversings aangedoen het, verneem dat die koning wel die sing van nuwe Psalms in Engeland toelaat, maar dat dit nie Conrart s'n is nie, pak Simond die herberyming met erns aan. Hy begin dink "dat God, wat gewoonlik swak instrumente kies vir sy grootste werke," hom daartoe roep. Sodat hy nie sy kerklike pligte sal verwaarloos nie, werk hy in die nag hieraan – vandaar die titel: *Les veilles Afriquaines* (Nagwake uit

Afrika).

Aan die begin probeer hy om so na as moontlik aan die oorspronklike te bly. Maar toe hy in 1703 in Europa aankom om sy herberyming vir oorweging voor te lê, vind die mense aan wie hy sy psalmherberyming wys soveel foute wat indruis teen die reëls van die poësie, dat hy besef dat hy "op die ou end niks anders geskep het as berymde prosa nie."

'N KRING VOLTREK

Toevallig kry hy die nuwe handleiding van Port-Royal in die hande en maak so kennis met 'n stel reëls vir digwerk in Frans. Hy sien die hand van God daarin. Hy bestudeer hierdie reëls noukeurig en met hernude moed korrigeer hy sy teks ingrypend daarvolgens. Maar die Waalse Kerk in Nederland besluit ondertussen dat daar te veel onenigheid is oor die nuwe Psalms – die tyd is nog nie ryk daarvoor nie. Simond besluit om eers net sy eerste 51 herberymde Psalms self te laat publiseer. Die Kerk kan dan "daardie weergawe kies wat die getrouste aan die oorspronklike is."

Só verloop die uitsonderlike reis van 'n merkwaardige boekie.

Die vrugte van Simond se nagwake in Afrika gaan na drie eeue die kring voltrek wanneer Coertzen se faksimilee-uitgawe later vanjaar verskyn.



JUDO GEDY as Matiesport

Die Matie Judospan se besondere prestasies op die SA Studente Sport Unie (SASSU) se toernooi vroeër vanjaar versinnebeeld die merkwaardige diepte van dié sportsoort wat van krag tot krag gaan.



Jan Olivier (links), afrigter van Matie Judo, saam met Ina van Zyl, voorsitter van die Van der Stelklub, Nicolas Queisser en Tyron Sharnock.



Op die SASSU-toernooi in Bloemfontein het die Maties nie net agt medaljes gewen nie, maar ook die spantitel ingepalm.

Vyf Maties het goue medaljes gewen (Nicolas Queisser, Chris Sadie, Tyron Sharnock (2) en Lisa du Plessis), Neil Sadie en Andrew van Schalkwyk het silwer medaljes verower en Paul Young 'n brons.

Maar dis nie al nie. Die Maties het ook die spankompetisie gewen deur Kovskyes in die halfieind- en Wits in die eindronde te klop. Die hoogtepunt was egter die insluiting van vyf Maties in die SASSU-span wat in Desember Joegoslawië toe gaan vir die Wêreld Universiteite Judokampioenskapstoernooi. Hulle is Queisser, Sharnock, Sadie, Young en Du Plessis. Queisser is reeds vier keer die afgelope twee jaar in internasionale

judospanne opgeneem en Chris Sadie is pas gekies as lid van die internasionale span wat in Oktober in Korea aan die Junior Wêreldkampioenskapstoernooi sal deelneem.

Maties maak geskiedenis

Op die afgelope SA Kampioenskapstoernooi in Port Elizabeth het Boland geskiedenis gemaak deur die eerste provinsie te word wat al vier wisseltrofeeë in die senior kompetisie voor die ander 12 provinsies, asook internasionale spanne uit Mosambiek en Zimbabwe, kon wegraap. Die Maties in die span het 'n groot aandeel daarvan gehad dat Boland sy stempel op dié toernooi kon afdruk. Benewens verskeie medaljes wat die Maties ingepalm het, is Nicolas Queisser ook as Speler van die Toernooi aangewys.

Oudmatie Jan Olivier, gewese presi-

dent van Judo SA en 'n man wat reeds diep spore in dié sportsoort in die land getrap het, is sedert 1964 deel van Matie Judo. Hy was in die wolke oor sy span se prestasies op die SA toernooi.

Nie alleen het die Matie Judospan tientalle kere as wenners van die jaarlikse SASSU-toernooi weggestap nie, maar Matie judokas het ook reeds besondere internasionale prestasies gelewer. Liezl Downing het in 1995 Goud op die Afrikaspiele gewen en haar jonger suster, Lynn, het 'n soortgelyke prestasie op die Statebondstoernooi van 1996 behaal.

Vroue in judo

Tania Tallie (née D'Aguiar) was die eerste Suid-Afrikaanse vrou wat op 'n Olimpiese Spele (2000) aan judo deelgeneem het. Henriëtte Möller, SA-judokaptein die afgelope tien jaar, het aan vanjaar se Statebondspiele in Manchester deelgeneem.

Judo word sedert 1964 as Olimpiese sport erken, maar moet soos ander kleiner sportsoorte in Suid-Afrika finansiële uitdagings oorbrug.

Maties Judo is nie 'n amptelike klub op nasionalevlak nie. Die Maties oefen en registreer by Van der Stel Judoklub en affilieer sodoende by die Boland Judo Unie en Judo Suid-Afrika. Dit is net met SASSU-toernooie dat Maties as 'n klub kan deelneem.

Judo beteken in Japanees "the gentle way" en leer judokas ook lewensvaardighede soos dissipline, wedersydse agting vir medeburgers en 'n bydrae tot die opvoedkundige voorbereiding wat studente in hul studietyd aan Maties ontvang.

Olivier voorsien 'n belowende toekoms vir judo in Matieland. "Die Maties is 'n sterk span en sal voortgaan om puik resultate vir die Universiteit te lewer."

OKKERT IS TERUG!


Nadat hy laas op die Wêreldbekerbyeenkoms in 1994 'n kampioenskapstiel verower het, het hy dit op die onlangse Statebondspele in Manchester, Engeland, weer gedoen. En sommer deeglik ook – Okkert Brits het 'n nuwe Statebond-paal-springrekord van 5,75 meter opgestel. In die proses het dié 28-jarige met Dnity Markov, die Australiese wêreldkampioen en verlede jaar se nommer een in die paalspring, afgerekend.

Okkert beskou dié prestasie as sy grootste nog. "Ek glo 'n nuwe Okkert Brits is gebore."

Okkert was 'n sensasie toe hy sewe jaar gelede een van net 'n handjievole paalspringatlete in die wêreld geword het wat oor die magiese 6-meter-kurf geseil het. Toe het feitlik elke atletiekkenner gereken die 22-jarige Okkert is gereed om die legendariese Russiese megaster Sergei Bupka te laat les opsê. Maar helaas, 'n paar maer jare het ingetree. Hy het begin vorm verloor, beserings opgedoen, hy kon nie meer deeglik fokus nie en sy algemene peil het 'n enorme insinking getoon.

"In Atlanta in '96, in Athene in '97 en Seville in '99 het dit baie sleg met my gegaan. In Sydney 2000 was ek sewende in die eindstryd." Okkert sê hy het vanjaar Manchester toe gegaan omdat hy "weer heel onder wou begin en dit uit my kop kry dat 'n beginhoogte van 5,35 net vir pampoene is."

Hy meen 'n nuwe atletieklewe het met sy skitterende deelname daar vir hom aangebreek. "Die frustrasies en teleurstellings van die afgelope jare is nou agter my. Ek fokus en ek kyk vorentoe met nuwe, vuurspuwende geesdrif," het hy met 'n groot wenglimlag gesê.



Die maer jare vir Okkert Brits, lenige gespierde paalspringheld van die Matie Atletiekklub, is verby – en daar was nie sewe van hulle nie, maar agt!

Magtige maroen maal Tukkies

Dit het herinner aan 1973 toe 'n Tukkierugbyspan met 49 agtereenvolgende oorwinnings opgeruk het Coetzenburg toe om die Maties se eerstes snuif te trap... en toe goed op hulle herrie gekry het.

Met Julie vanjaar se FNB Intervarsity was dit weer so. 'n Tukkiespan met 12 Super 12-spelers, baie ervaring en vernietigende slaankrag was 'n bloedjong en uitgedunde Matiespan se vooruitsig. Die Tukkies was vas van plan om nie 'n sesde agtereenvolgende neerlaag teen die Stellenbossers te ly nie. Maar daardie Matie *magic* wat jare der jare al wêreldwyd aan sovele rugbyondersteuners bekend is, was weer daar...


Op 'n sopnat Coetzenburg het die swaarder

Tukkie-agttal aanvanklik beheer oorgeneem, maar soos wat die genadelose stryd voortge duur het, het Maties se ligter en vinniger agttal eerste by die afbreekpunte begin kom en al hoe meer druk op die Tukkies geplaas. Bomenlike spel deur jong spelers soos Pat Barnard, Gordon Gilfillan en Schalk Burger het gemaak dat die Tukkies 'n rekord sesde keer agtereenvolgens die knie teen Maties moes buig.

Dit was 'n wonderlike oomblik. Phil Pretorius, die hoofafrigter, was 'n bewoë man. "Dit was nou *guts, absolute guts*," het hy na afloop geprewel.

• *Maties is pas weer gekroon as die WP-kampioenspan.*





HUBERT DU PLESSIS

BY MYLPAAL

80

Hubert du Plessis kan opgesom word met die woord 'besonder' – besonder talentvol en besonder kompleks. Roelof Temmingh gee 'n blik op die werk van 'n besondere komponis.

Nou die dag sien ek hom toevallig in Pick 'n Pay – 80 jaar oud, maar sy liggaamstaal is nog dieselde as dekades gelede. Nog dieselde kort bewegings wat die komplekse persoonlikheid, met sy vreemde mengsel van onvoorspelbare teerheid, felheid, weemoed, humor en gelatenheid verraai. Hy loop verby die winkelrakke met deesdae se voedselprysse daarop, soos destyds aan die einde van 'n lesing verby sekere musiekstudente wat blykbaar nie sy ekstase oor hierdie of daardie musiek gedeel of verstaan het nie.

Gelukkig is die agtergrondmusiek in die winkel nie te steurend nie. Selfs

aanvaarbaar. Dis miskien waarom hy na die verste winkel ry van sy huis in Voëltjiesdorp op Stellenbosch. Die komponis se ore kan werkelik gepynigd raak. En as Hubert du Plessis nie van iets hou nie, sal hy nie skroom om dit te sê nie.

Ons was tien jaar kollegas by die Konservatorium (tot sy aftrede in 1982). Ná 'n uitvoering van een van my *avant-garde*-stukke uit daardie tyd kry hy my in die personeelkamer: "Roelof, ek het nog altyd gedink daar is darem breins in daai kop van jou – nou weet ek daar is nijs nie!"

Sowat 25 jaar lank was hy heeltyds dosent op Stellenbosch. En vandag sit daar heelwat studente in die

Moderato (♩ = 60)

Konservatorium se klasse wie se moeder of selfs ouma in Hubert du Plessis se klasse gesit het. (Waarom musiek in ons land so 'vroulik' is, weet nugter.) Baie van hierdie jongelinge het seker van die verhale oor die 'ou Conserve' gehoor. Soos van Du Plessis se gewoonte om omtrent alles waaraan hy dit gehad het moeteeloos op die klavier te illustreer. Oor hoe meegevoer hy kon raak, selfs tot in tranen – soos wat die werke van die grootmeesters hom so intens geraak het.

Die kwaliteit van sy werk as musikoloog word ongelukkig soms (nog) onderskat deur mense wat behep geraak het met die teorie dat die skeppende werk van 'n kunstenaar beoordeel moet word sonder enige inagneming van die wel en wee van die skepper self. Ewenwel ('n geliefde en tiperende woord van Du Plessis), genoeg om daarop te wys dat Hubert du Plessis se boek oor Bach (Tafelberg, 1960) nog steeds die ongeëwenaarde hoogtepunt van die gepubliseerde musiekwetenskap in Afrikaans is.

Maar Hubert du Plessis is nie in die eerste plek dosent, musikoloog, skrywer, pianis of klavesimbolis nie. Sy belangrikste bydrae tot die musiekwêreld is sy komposisies. In hulle kan ons die merkwaardige balans tussen die komponis se intellek en sy emosie die duideliksteervaar – in sy musiek wat onlosmaaklik deel is van sy sonderlike persoonlikheid.

Komponeer was vir Du Plessis oor die algemeen die veeleisendste van sy vele bedrywighede. Dan beweeg hy "op berge en in dale" – 'n "moeilik beskryfbare proses" noem hy dit, met die "inspirasie agter die intellektuele inspanning; die obsessie met pro-

bleme wat jou bestaan tydelik domineer – jou vereensaam en verryk, jou dryf tot wanhopige dieptes en ekstasiiese hoogtes..."

Sy styl is oorwegend twintigste-eus, hoewel nooit *avant-garde* nie. Hy skryf in die Europese kunsmusiek-tradisie van tematies of motiewiese musiek "met wortels wat strek tot in die Middeleeue". Dit is ver verwyn van sy Europese en Amerikaanse tydgenote se avant-gardistiese ekstremitate (wat meermale niks meer as antimusiek is nie). Tog boei dit met sy eie, hoogs persoonlike gebruik van werklik eietydse komposisietegnieke, soos serialisme.

Vroeër vanjaar was daar drie spesiale konserte in die Endlersaal van die Konservatorium om hulde te bring aan Hubert du Plessis. Vanselfsprekend is die eerste gewy aan Du Plessis as "een van die hoofekspONENTE van die liedkuns in Suid-Afrika." Daarna was daar 'n kamermusiekprogram en op 7 Junie, die dag toe hy 80 geword het, het die Kaapse Filharmoniese Orkes onder leiding van Chris Dowdeswell drie werke uitgevoer... 'n totaal van tien werke binne die bestek van 'n paar weke. Hoe gepas, feestelik en opreg dit alles was, is waar. Maar tog spook iets in jou agterkop oor hoe selde sy musiek normaalweg uitgevoer word...



Konservatorium stel eie etiket bekend

Die Konservatorium spog nou met sy eie CD-etiket, Conserve Digital Stellenbosch.

Die eerste opname wat onder dié etiket uitgereik word, is in Augustus bekend gestel – 'n opname van die Mozart Requiem, K626, wat in Maart vanjaar tydens 'n uitvoering in die Endlersaal opgeneem is.

Die kunstenaars vir Conserve Digital se eerste opname was die Universiteit se simfonie-orkes saam met Canticum Novum (die Studentekerkkoor van Stellenbosch). Dié koor en orkes staan albei onder die leiding van Louis van der Watt, wat ook die uitvoering op dié nuwe CD gedirigeer het. Louis is dosent in viool-studies in die Departement Musiek.

Die Konservatorium het verlede jaar sy opname-toerusting opgradeer en in die aankoop van nuwe toerusting belê. Helmut Meijer en Theo Herbst, wat albei by die ateljee betrokke is, was verantwoordelik vir die opname. Sunset Studios het die finale redigering gedoen. Morné Goosen van Stellenbosch was verantwoordelik vir die ontwerp van die CD-boekie asook buite-omslag van die CD-kassie.

Die naam Conserve Digital Stellenbosch (of CD Stellenbosch) was die blink gedagte van Joubert Potgieter, skakelbeampte by die Departement Musiek en die Konservatorium. Die Konservatorium beskik oor 'n rykdom van goeie opnames wat deur die jare gemaak is, sê prof Hans Roosenschoon, voorstitter van die Departement Musiek en direkteur van die Konservatorium. "Ons ondersoek die moontlikheid om van dié opnames mettertyd onder die Conserve Digital etiket uit te reik."

Die nuwe CD kan teen R100 elk (BTW ingesluit) by Karen Valentine, tel. 808 2335 of e-pos kmv@sun.ac.za bestel word.





Drama

DRAMA SE JAAR VAN OPWINDING EN VERANDERING

"Pa, ek wil 'act.'"

Te oordeel aan die stygende studentetal in die Stellenbosse Dramadepartement is dié 'n sin wat meer en meer ouers deesdae hoor. Hulle hoof egter nie bekommert te wees nie, want met produksies wat vol sale lok en die televisie-, film- en teaterbedryf wat wemel van Oudmaties, lyk dit tóg of daar 'n gaping of twee in 'n moeilike arbeidsmark is.

Die afgelope jaar was propvol opwinding én verandering. Die departement het onder meer 'n derde professor ryker geword met dié dat dr Julian Smith, viserektor (bedryf), hier 'n professoraat aanvaar het.

'n Yslike treffer vanjaar was die kinderproduksie, *Sneeuwittjie*, met Johan Esterhuizen aan die stuur. Dit het behoorlik vir vol sale en 'n menigte jillende kleuters gesorg. Die bekende regisseur, Janice Honeyman, het 'n Griekse tragedie, *Die Nagtegaal se Liefde*, met Stellenbosse studente aangepak. Dié moeilike stuk is met groot lof begroet.

Prof Charles Dumas van Penn State Universiteit in die VSA asook Christopher Odhiambo van Moi Universiteit in Kenia en Miriam Margolyes het die departement vanjaar besoek.

Die departement is ook die tuiste van Focal Joint, 'n fisieketeatergeselskap waar studente met professionele dansers en akteurs saamwerk.

The Centre for Theatre and Performance Studies, onder leiding van prof Tempel Hauptfleisch, is ook in die departement gesetel.

Onderhandelinge is reeds ver gevorder om verskeie bekendes in die bedryf aanstaande jaar by die departement te betrek. ■

Daar is verneem dat die volgende Oudmaties en oud personeellede van die Universiteit onlangs oorlede is:

- DR NELMARIE BARNARD (36) Cradock; MB, ChB 1989; oudinwoner van Irene en Huis Francie van Zijl; word oorleef deur haar eggenoot dr Fanie Jute.
- MEV HELENA BOSMA (94) Somerset-Wes; BA 1929.
- MNR DANIEL L BOTHA (52) Somerset-Wes; BSc, BEng 1975; oudinwoner van Eendrag; oorlede op Elandsbaai.
- PROF PJ (PHILLIP) BURGER (71) George; BSc in Landbou 1951 (US); MSc in Agrariese Voorligting 1965 en PhD 1968 (UP); oudinwoner van Dagbreek; stigterslid, raadslid en later president van SA Vereniging vir Landbouvoortigting; professor en hoof van Departement Agrariese Voorligting aan UP; eerste direkteur van ARDRI (Agricultural and Rural Development Research Institute) aan Fort Hare tot sy aftrede in 1986.
- MNR LOUIS BUYS (76) Oos-Londen; BSc in Landbou 1951 (US); lid van bekende 1951-finalejaarlandbouklas; oudinwoner van Dagbreek; veg in Tweede Wêreldoorlog in Egipte en Italië; werk lewe lank vir BKB en tree as bestuurder af.
- DS JE (EBEN) CILLIERS (78) Kroonstad; BA 1951; oudinwoner van Huis Visser; begin studeer nadat hy sewe jaar gewerk het; bedien gemeentes op o.m. Bothasrus (Despatch), Pongola, Walvisbaai-Noord en Otjiwarongo-Suid; aktuaris van sinode van Namibië; tree in 1988 af en woon van 1991 op Kroonstad.
- PROF ANDRÉ COETSEE (78) Stellenbosch; was hoof van die Dept Siviele Ingenieurswese; aan Ikeys gestudeer; in 1949 hier aangestel; het 40 jaar diens gehad toe hy einde 1989 afgestree het; groot aandeel gehad aan die ontwikkeling van die Ingenieursgeboukompleks; betrokke gewees by die opstel van die eerste Afrikaanse tegniese woordeboek; sy dogter, Isa, was die eerste vrou wat hier 'n graad in ingenieurswese verwerf het.
- DR WF CRONJÉ (73) Groenkloof, Pretoria; BScEng (US); oudinwoner van Huis Marais.
- PROF DW (DAVID) DE VILLIERS (82) Strand; studeer BA 1939, BD '43 en DD '57 aan US; bekend as 'Heilige Dawid'; oudinwoner van Dagbreek; SR-lid; blink uit in hokkie en rugby; lid van Oom Pietie le Roux se Boereorkes; was langer as 20 jaar predikant in NG gemeentes op Wellington, Mosselbaai, Paarl en Burgerspark, Pretoria; begin as teologiedosent in 1966 hier; hoof van die Dept. Diakonologie; was twee termyne dekan van Teologie; bekend as seël- en munversamelaar: wen voorverlede jaar 'n skild op 'n nasionale seëlfuitstalling in Pretoria met sy versameling van Suid-Afrika se eentalige prentjieposseëls uit die twintigerjare.
- PROF MJ (MIKE) DE VRIES (69) kyk bl. 14
- MEJ ANNIE DU TOIT (78) Stellenbosch; BA 1956, Hoër Dipl in Biblioteekkunde '57, HonsBA '66, SOD '67; oudinwoner van Huis Ten Bosch; het by verskeie skole onderwys gegee; alombekend as 'Tant Fif' of 'Ousus'.

- MEV ELSA DU TOIT (60) Stellenbosch; gebore Malherbe; BA 1962 (US); Matie en Boland netbalspelster; oudinwoner van Minerva en Sonop; eggenote van prof Danie du Toit van die Fakulteit Teologie.
- MEV HELENA DU TOIT (74) Panorama; BSc 1949; oudinwoner van Huis de Villiers.
- DR SP (FAAN) ERASMUS (78) Stellenbosch; matrikuleer in Robertson; BSc in Landbou met onderskeiding 1947 en MSc in Landbou 1949 (US); PhD 1964 (Wageningen); voorligtingsbeampte by Dept. Landbou se WPVNS (nou LTD se Infruitec/Nietvoorbij) vir Langkloof vrugtestreek; senior lektor in Dept. Hortologie aan US 1966-1988; bekende dosent in vrugtewetenskap.
- MNR DETLEF GRYGIER (44) Garsfontein, Pretoria; HonsBEng (Meganiese Ingenieurswese), werk by Kentron tot met sy dood in Februarie; internasional bekend in 'Stealth Technology'; Suid-Afrika se voorste kenner van dié tegnologie se toepassing op wapenstelsels.
- MEV M (LENIE) KOTZÉ (76) Worcester; BComm 1945 (US) en SOD (PU vir CHO); oudinwoner van Huis De Villiers; gee onderwys op Wellington waar sy haar man, dr Faan Kotzé, ontmoet; gee later weer onderwys op Worcester; president van die Vrouediens van die NG Sendingkerk van SA op Beaufort-Wes; in 1982 is haar man aangestel as rektor van Minnie Hofmeyr Kollege waar sy die administrasie vir ongeveer tien jaar behartig.
- MNR BENJAMIN LLOYD (57) Edenvale; BSc in Landbou 1967; oudinwonder van Eendrag.
- MNR PH (PIETER) LOEDOLFF (65) Somerset-Wes; BSc, BEng 1959; oudinwoner van Helderberg; meganiese ingenieur op Sasolburg; jongste van sewe kinders – almal Oudmaties; dood weens kolonkanker.
- MNR JH (JOHAN) LUBBE (57) Strand; BComm 1969.
- JOHNNY MEIRING (77) Stellenbosch; onderbreek studie om in die Lugmag in Italië in die Tweede Wêreldoorlog te veg; BEdPh in Liggaamlike Opvoeding 1950; verskeie jare die WP en SA Universiteite se duikkampioen; in Julie 1955 hier as sportbeampte aangestel; tree in Januarie 1989 af na meer as 33

jaar diens; baie gedoen vir koshuisrugby en die opleiding van skeidsregters.

■ TAPPIES MÖLLER (83) Milnerton, voorheen Bloubergstrand; MA en MTh 1937-1948 (US); behaal M-graad in Filosofie (1940) met onderskeiding; was prim van Dagbreek; voorstander van die SR; lektor in Filosofie hier; daarna predikant in verskeie gemeentes; moderator van die Wes- en Suid-Kaapse NG Sinode 1979 en 1983; redakteur van *Die Kerkbode* 1970-1986, waarin hy sy stem teen apartheid duidelik laat hoor het; sy vrou, Monica, het hom in 2001 ontfal en sy oudste seun, Charl, sowat twee jaar gelede.

■ MEV ANNA MONICA MÖLLER (70) Milnerton, voorheen Bloubergstrand; BA in tale 1941; oudinwoner van Monica 1939-1942; eggenoot van Tappies Möller; studeer later Hoër Diploma in Biblioteekwese (Unisa); werk tien jaar in die ou Carnegie-biblioteek; later ook in die JS Gerickie.

■ MEV HSJ (HETTA) MULLER (64) Somerset-Wes; BA 1958, SOD 1960; oudinwoner van Huis Ten Bosch; eggenoot van Helgaard, gewese hoof van die USB; was betrokke by die Vrouevereniging van die US.

■ MEV CS (CHRISSE) OTTO (87) Boshof, Odendaalsrus; BA 1934 en LLB 1937; eerste vrou wat as advokaat in SA toegelaat is; jare lank pastoriemoeder op Boshof; het ook Engels en Latyn onderrig; haar man, ds Hannes Otto (89), is een van die oudste, lewende NG-predikante in die Vrystaat.

■ PROF FRIEDEL SELLSCHOP (72) Gebore in Luderitz, Namibië; MSc (US), PhD in Kernfisika (Cambridge); ontvang eredoktorsgraad in Kernfisika van US in 1998; lewer eerste bewys van die bestaan van die neutrino, 'n subatomiese partikel; emeritus professor van Wits Universiteit; beklee eerste leerstoel in SA vir Kernfisika (aan

Wits); wetenskaplike raadgewer vir minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie; oudpresident van die Royal Society of South Africa; tree amptelik in 1996 af, maar hou aan om te werk en regstreer nege patentansoeke.

■ MNR JTR (RABIE) SMAL (75) Stellenbosch; was hoof van die Afdeling Salarisse hier; het sowat tien jaar gelede afgetree na 34 jaar diens; uit die aard van sy pligte aan die hele personeel bekend gewees en was baie geliefd; begin na sy aftrede die Blue Creek-kelder op sy plaas, Voorspoed, saam met sy seun, dr Piet Smal, 'n tandarts op Stellenbosch; sy vrou, Issie, het hom sowat vier jaar gelede ontfal.

■ DR IZAK S STEYN (86) Pretoria; BA 1936, SOD 1939, MB ChB 1949 (UP); oudinwoner van Dagbreek; werk etlike jare in die onderwys en praktiseer as dokter op Excelsior, Carletonville, Pietersburg en tot sy aftrede by Yskor in Pretoria.

■ MNR JW STEYN (85) Somerset-Wes; oudinwoner van Dagbreek; BSc in Bosbou 1938; werk in Bosboudiens tot sy aftrede.

■ PROF ETIENNE LE F TERBLANCHE (74) Graaff-Reinet; afgetrede professor (1987 - '91) in die Dept. Landbou-ekonomiese; BSc(Landbou) hier behaal en doktorsgrade aan die UP en Fort Hare; was 'n kenner van die Angorabok-bedryf; was in 1980 Oos-Kaap se Boer van die Jaar.

■ DR AP (ATTIE) VAN DER COLF (69) Northcliff, Jhb; BA Admissie '54, DipTeol '60, MA in Afr en Ned '61(US), DLitt et Phil '79 (RAU); predikant in verskeie NG-gemeentes; direkteur van Kerklike Inligting 1971-'77; lid van RAU se Raad; lid van Psalmshersieningskomitee van Afrikaanse Kerke; vertaler van sewe boeke; behartig radioprogram *Langs Stille Waters* vir nege jaar; ontvang SA Akademie-medalje vir die bevordering van Afrikaans op godsdienstige gebied.



Annie du Toit

Attie van der Colf

Faan Erasmus

André Coetsee


Rabie Smal

Friedel Sellschop

Divides of country and culture crossed



The 'changing profile' of Stellenbosch University is no longer just a politically correct catch phrase in a world defined by globalisation and diversity.



Some 150 students attended the Winter School at Stellenbosch this year.

Ask the Department of Industrial Psychology: their student records bear witness to the fact that new millennium Maties hail from countries as diverse and far afield as Kazakhstan in Central Asia, islands such as Fiji and Haiti, first-world cities in the United States, Britain and Sweden and a host of African countries, ranging from neighbouring Zimbabwe, Namibia, Botswana and Malawi to Cameroon, the Ivory Coast, the Democratic Republic of the Congo, Nigeria, the Republic of Central Africa, Ethiopia and countries in Asia and the Middle East.

The common bond between these students is their involvement in a unique postgraduate diploma, aimed at addressing the ravages of the HIV/AIDS epidemic in the workplace. Jointly presented by

Stellenbosch and MEDUNSA, the course is designed to create managerial capacity to establish appropriate programmes of HIV prevention and care in the workplace. It is presented in a virtual classroom on the Internet, with two annual contact sessions - a Summer School held at MEDUNSA and a Winter School held at Stellenbosch.

At the same time, the Department has formed important partnerships with influential organisations such as UNAIDS and the UN Development Programmes (UNDEV).

All the students who completed the first course are now employed in the field of HIV/AIDS management.

Some 150 students, currently enrolled, attended this year's Winter School. They came from all walks of life and a wide


range of careers. Some of them work for UNAIDS and UNDEV and many are health workers such as doctors, nurses, pharmacists and dentists.

Opened by the Rector and Vice-Chancellor, Prof Chris Brink, the Winter School was a colourful amalgam of cultures and languages, with lively, interactive classes that presented the students opportunities to learn from each other. They were taught how to use WebCT (the programme used for online teaching) as well as scientific writing skills. They were also introduced to distance education via satellite using the University's network of interactive classrooms.

During the Winter School all the modules concerned with HIV/AIDS policy and advocacy were presented as well as a workshop on how to develop and review HIV/AIDS workplace policies and programmes. The students also visited AIDS centres in Stellenbosch, Somerset West, Cape Town, Guguletu and Cross Roads where they gained practical knowledge of the day-to-day management and care of HIV/AIDS.

Despite a heavy academic schedule the students had ample opportunity to explore the charms of Cape Town and surroundings at a variety of social events.

For many of the students the Winter School was a memorable occasion where they could cross the divides of country, language and culture to become proud and fully-fledged Maties. ■



As finansies die Probleem vir verdere studies is, dan het ons die Oplossing

As markleier in studiefinansiering is dit ons streef om jou en jou afhanklikes by te staan met die finansiering van jou studies, of uitstaande balans.

- Alle staatsdiensamptenare en hul afhanklikes (Persal/Persol) kan met behulp van EDU-LOAN kwalifiseer vir 'n salarisafrekfasilitet by die Universiteit van Stellenbosch.
- Studente kan andersins deur middel van 'n bankdebietorder bygestaan word.

Wat meer is, met ons Edu-Xtra slim kaart, wat by die meeste boekwinkels aanvaar word, kan jy nou voorsiening maak vir handboeke en ander skryfbehoeftes.



Kontak ons nou om jou behoeftes te bespreek en vind uit hoe EDU-LOAN en die Universiteit van Stellenbosch jou kan help!



Skakel:
Liezl Louw
(021) 882 8150

Kliëntediens
(011) 670 6100

EDU-LOAN

www.eduloan.co.za

'N 'HELSE' PLESIER MET 'N VIER-BY-VIER

DIE OUDMATIEVELDRYKLUB WAS ONLANGS 'HEL'TOE... LETTERLIK. DEUR KOBUS VISAGIE



"To Hell and Back," met toentertydse tawwe Tienie, Audie Murphy, in die hoofrol was 'n Hollywood-fliek waaroor vele van die ouer garde gaande was. Hel toe en terug in die Augustuslangnaweek was 'n ondervinding waaraan lede van die Oudmatie Veldryklub – in 22 viertrekvoertuie – vorentoe nog lank gate in die nag gaan gesels.

Dit was 'n vol naweek: 'n besoek aan die Hel, ofte wel Gamkaskloof, 'n toer al op die kruin van die Swartberge tot by Meiringspoort – ook nog Kobus se Gat, parende volstruise, witblits (daar noem hulle dit helwater!) van Natuurbewaring se bestuurder in die Hel, kampvuurkaperjolle en 'n oostewind wat alles platvee.

Dit was die Oudmatie Veldryklub se derde uitstappie. Dis deur Jurgens en Karien Schoeman begin en dié klub gaan van krag tot krag.

Die eerste aand is aan die voet van die berg oornag by Kobus se Gat. So heet dié kampterrein van eienaar Kobus Lategan. Wat 'n voortrefflike gasheer: aangenaam, joviaal, skertsend, kenner van die kontrei en sy mense met staaltjies wat lagspierlekker is. En tussen die roosterkoeke en braaivleis deur, leer ken almal mekaar.

Daardie nag was daar eienaardige, ontsenuende bromgeluide wat die stilte versteur... Paartyd in volstruisland ken nie perke nie en volstruismannetjies laat geen twyfel oor hulle bedoelings nie.

Die roete na die Hel laat 'n mens dink dis makliker in as uit! Die laaste gedeelte van die pas is styl en baie nou. Die verlatenheid laat jou net weer besef hoe afgesonderd die mense was wat 130 jaar gelede daar gebly het – sonder enige noemenswaardige pad om die beskawing te bereik.

Onder in die Hel vertel Annatjie Joubert, wat daar grootgeword het, verhale en wys foto's van die lewe in die Hel toe sy nog kind was. Zannie ('n Oudmatie) en Anita van der Walt is Natuurbewaring se bestuurders in die Hel... hier eet ons heerlik en verlustig ons in die skop van Zannie se self-gestookte helwater. Sy stories en kwinkslae was onbeskryflik snaaks.



Tussen skerts en grappies deur ontvou ook 'n besondere verhaal van deursettingsvermoë en vasberadenheid. Sowat 130 jaar lank moes mense telkens 37 km berguit loop tot op Calitzdorp waar hulle met ruilhandel hul produkte kon verkawsel. En weer bergaf met alles wat geruil is op die skouers. Uit en huis in een dag. Merkwaardig...

Die roete op die kruin van die Swartberge is maar onlangs vir 4x4-voertuie oopgestel nadat dit sowat 30 jaar gelede as 'n dienspaadjie vir bosbouers gebou is. Die uitsig is asembenemend!

Die onthoustories uit studentedae, wat die laaste aand om die kampvuur vertel is, was 'n absolute treffer.

En toe kom die oostewind ook daardie laaste aand en vee alles plat wat nie geanker was nie. Dank aan Rudie Opperman vir Mitshibushi se ondersteuning en aan Johan en Joann Rossouw van Sportex wat met elke rit gesorg het vir 'n netjiese toevoeging tot die Oudmatie-veldrydrag.

Vir meer inligting oor die Oudmatie Veldryklub kontak Jurgens Schoeman by matiesveldry@mweb.co.za

U eiendomspesialis!



Your property consultant!

Tel. (021) 887 4740

Faks (021) 887 3875

www.abprealestate.co.za

MOSTERTSDRIFT P.O.A



Pragtige, privaat tuin met swembad. Mooi oregonvloere en hoë plafonne verleen plaasatmosfeer aan die eiendom.

Mari Carstens 082 566 1155

BRANDWACHT R995 000



Spacious, 5-bedroomed house with 3 bathrooms, 2 garages.
Stunning entertainment area with garden and pool.

Cornette Liebenberg 082 569 9160

BELLEVUE R457 000 (WELGEVONDEN)



Nuwe ontwikkeling! Geen oordragkostes!
Unieke geleentheid om in 'n luukse dupleks dorpshuis te belê. Groot leefarea, 3 slpk, 2½ badk + motorhuis.

Elna Smit 082 577 7033

PLASE



Pragtige, 5.5 ha kleinhoewe in die mees gesogte area van S'Bosch. Hierdie is 'n perdeliefhebber se droom aan die voet van die Helderberg met 'n pragtige herehuis en stalle.

Naudé Jordaan 083 258 6567

CENTRAL R560 000



Sturdy, 3 bedroomed home with 2-roomed flat close to campus and town centre. Ideal investment opportunity.

Yvonne Blomerus 082 572 5242

MOSTERTSDRIFT R1.35 MILLION



Stylish, 2-bedroomed home in security complex. Ideal for the retired couple who loves entertainment.

Jané van der Merwe 082 331 1664

STUDENTEBEHUISING



DORPSHUIS R450 000

Berg en Dal

3 Slaapkamers, 2 badkamers met motorhuis.
Ruim, eie titel, dupleks in sekuriteitskompleks.

KOMMERSIEEL

Andringastraat: 500 m² Twee gevestigde huurders albei met 4-jaar-huurkontrakte. Goeie huurinkomste!

Historiese kern: Geleentheid vir ernstige ontwikkelaar.
Beste ligging!

Dorpstraat: 172 m² Straatfront

Tegnopark: Besigheidspark, erf 8 200 m²

Besigheid: Selfoonwinkel, fantastiese ligging!

PLAAS/ONTWIJKELINGSGROND

Melkbosstrand: 50 hektaar, ideaal geleë vir gesamentlike ontwikkeling van 'n perde-,wyn- en olyfboerdery en latere residensiële ontwikkeling.

Naudé Jordaan 083 258 6567



Classic, Modern, Exceptional



Not for sale to persons under the age of 18

www.bellingham.co.za